Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Onderwys







# Danstudies

## Onderrig van Improvisasie, Choreografie en Produksie

## Graad 10 – 12 | OPVOEDERS

Direktoraat: Kurrikulumontwikkeling VOO

©Wes-Kaap Onderwysdepartement 2009

Wes-Kaapse Regering
Onderwys
VIR JOU

Versprei deur Edumedia (WKOD)

Stasieweg 3, Mowbray, 7705
Tel.: 021 689 9536
e-pos: edumedia@westerncape.gov.za

**GEEN HERVERKOPE**

Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

# dansstudies

Onderrig in Improvisasie



Choreografie

&

Produksie

Opvoedersriglyne
Graad 10–12
JANUARIE 2009

©Wes-Kaap Onderwysdepartement 2009


**Hoe om hierdie boek te gebruik**

**Hierdie boek word in vier hoofafdelings verdeel. In beide die improvisasie en choreografie afdelings word jy as die opvoeder eerstens van onderrigidees en wenke voorsien gevolg deur 'n voorstelling van verskeie idees vir lesplanne. Die ontwikkeling van improvisasie en choreografie vaardighede word in vlakke gradeer. Die inhoud bevat voorstelle en idees en dit staan jou as opvoeder vry om die materiaal na goeddunke volgens behoefte aan te pas.**

**Die oefeninge kan in enige graad herhaal of aangepas word. Let daarop dat improvisasie en komposisie mekaar aanvul, oorvleuel en komplementeer.**

**Die produksie-elemente en joernaal wat in Afdeling 4 bespreek word, speel 'n belangrike rol in LU 1 en moet geïntegreer word in die algehele ontwikkeling van improvisasie en choreografie.**

**Die bylae aan die einde van die boek voorsien 'n deurlopende navorsingsbron.**



**Medewerkers**

Jennifer van Papendorp: Projekbestuurder;
Roxy Levy: Projek Koördineerder;
Phillipa Myburgh: Produksie Koördineerder;
Susan Botha, Zackery Levine, Roxy Levy: Redigeerders

Konsortium skrywers:
Donna Baird,
Jason Coosner,
Susan Botha,
Sarah Iles
Robyn Kennedy,
Roxy Levy,
Phillipa Myburgh,
Nicola Schorn,
Jennifer van Papendorp,
Tamsin Williams
Ilana Slomowitz vir haar gedigte en illustrasies
Caely-Jo Levy, Wayne Ross vir illustrasies
Anastasia Adams, Nicola Schorn, Peter Turner: Fotografie
Lee Roberts: Bladuitleg
Susan Botha: Vertaling

Gedruk: Edumedia **(WKOD)**
Om 'n kopie van hierdie dokument te bekom kontak Edumedia (Wes Kaapse Onderwysdepartement)
Tel: (021) 689 9536

# INHOUD


## AFDELING 1. AGTERGROND EN INLEIDING

Belangrikeid van improvisasie en choreografie
Om te begin: Wenke en aanbevelings
Hoe om vrae te formuleer

## AFDELING 2. IMPROVISASIE

Beplanning van improvisasie
Onderrigmateriaal en Kennis
**Graad 10 Improvisasie**
Lesidees: Hoe om improvisasie te fasiliteer
**Graad 11 Improvisasie**
Hoe om rekwisiete, beelde en prente te gebruik
Lesidees: Hoe om improvisasie te fasiliteer
Lesidees: Hoe om woordkuns te gebruik
**Graad 12 Improvisasie**
Lesidees: Hoe om improvisasie te fasiliteer

## AFDELING 3. CHOREOGRAFIE/KOMPOSISIE

Hoe om te begin: Aantekeninge vir leerders
Hoe om deur choreografie 'n voorneme (intensie) betekenisvol oor te dra
Hoe om 'n sinvolle joernaal saam te stel
**Graad 10 Choreografie/Komposisie**
Lesidees: Hoe om choreografie/komposisie te fasiliteer
Selfassesseringsinstrument: Choreografie/Komposisie
**Graad 11 Choreografie/Komposisie**
Hoe om struktuur te onderrig
Lesidees: Hoe om Choreografie/Komposisie te fasiliteer
**Graad 12 Choreografie/Komposisie**
Lesidees: Hoe om Choreografie/Komposisie te fasiliteer
Die bestuur van Graad 12 Choreografie
Hoe om navorsing vir Choreografie/Komposisie aan te pak

## AFDELING 4. PRODUKSIE

Ontwerp van 'n program
**Graad 10 Produksie**
**Graad 11 Produksie**
**Graad 12 Produksie**
'n Opsomming om leerder met die proses van aanbieding van hul choreografie by te staan

**Bylae A:** Bronne - Edulis
**Bylae B:** Verwysings
**Bylae C:** Alfabetiese lys van Lesidees


**Afkortingsgids**

| | |
|---|---|
| LU | Leeruitkomste |
| LPR | Leerprogramriglyne |
| PAT | Praktiese Assesseringstaak |

# AFDELING 1: AGTERGROND EN INLEIDING

**'The art of teaching lies in the ability to break down concepts into simple, understandable units that empower the student to reconstruct these concepts into a meaning of their own.'**
**(Erkert, 2003, p. 25)**

Die primêre doel van hierdie onderrighulpmiddel is om opvoeders deur die proses van improvisasie, choreografie en produksie te lei, soos uiteengesit in die Nasionale Onderrigbeleid vir VOO (Graad 10-12) onder Leeruitkoms 1 (LU1). Dit gee beide riglyne en nuttige voorbeelde wat gebruik kan word in die klaskamer, of dit kan in die individuele skoolsituasie aangepas word.

**Belangrikheid van improvisasie en choreografie**

Improvisasie en choreografie speel 'n integrale rol in die Dansstudieleerplan.
Die uittreksel van die Leerprogramriglyn beklemtoon die belangrikheid van LU1 om al die elemente van die vak Dansstudie byeen te bring.

'Die Dansstudie Vakverklaring beskrywe Leeruitkomste 1 as 'n oorkoepelende Uitkomste waaronder al die ander uitkomstes bymekaarkom (bl.12). Alles wat in Dansstudie geleer word, kan onder LU 1 toegepas word en lewer 'n bydrae tot danskomposisie, opvoering en waardering.

Begin die danservaring met verkennning, eksperimentering en improvisasie, om leerders geleenthede te bied om Uitkomste 1 te bereik. Hierdie proses help leerders om vrymoedigheid, vertroue en 'n breë danswoordeskat te ontwikkel. Moedig leerders aan om innoverend te dink en vele oplossings vir kreatiewe take te vind. Bevorder individuele sowel as groepsverantwoordelikheid in die voltooiing van aktiwiteite en projekte.

Die doel van improvisasie is om leerders van afgesaagde interpretasie van dans te bevry en om vir hulle geleenthede te bied om intuïtief op bewegingstimuli en idees te reageer. Dit is egter belangrik om duidelike perke te stel waarbinne improvisasie kan plaasvind, sodat leerders die uitkomstes verstaan waartoe hulle in elke improviserende aktiwiteit besig is om te werk'.

**Uittreksel uit LPR, bladsy 14**

Binne die onderrig van improvisasie en choreografie is verskeie uitdagings vasgestel.
Die gids spreek die volgende geskilpunte aan:
- Hoe om leerders te lei na 'n hoë kwaliteitsvlak in improvisasie en choreografie
- Hoe om algemene foute wat leerlingchoreograwe maak te vermy
- Hoe om met alledaagse probleme soos tydsbeperking, leerders sover te kry om in die choreografiese werke te dans en die gebrek aan toewyding van leerders teenoor die choreograaf.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

# Om te Begin: Wenke en Aanbevelings

Wanneer jy begin onderrig gee in improvisasie vir Graad 10 leerders, hou die volgende in gedagte:

- **Die ouderdom van die leerders**: dit is 'n baie selfbewuste stadium in leerders se ontwikkeling en is gevul met selftwyfel en onsekerheid. Hulle is glad nie meer kinders nie maar ook nie volwassenes nie.
- **Hulle ondervinding**: die leerders mag weinig of geen bloodstelling hê aan improvisasie.
- **Hulle kreatiewe selfvertroue**: In meeste gevalle is die enigste ondervinding van dans wat die leerders het dit wat hulle in die klaskamer geleer het. As die leerder van 'n minder bevoorregte agtergrond is mag hulle dalk nie eens 'n dansopvoering gesien het nie, na 'n DVD gekyk het nie, danstydskrifte of dansboeke gelees het nie of geen internet toegang gehad het om beelde en inligting van die internet te bekom nie.
- **Vrees**: word veroorsaak deur twee dinge – 1) bespotting: mense wat vir hulle lag en bespot laat hulle belaglik tussen hulle portuurgroep voel; 2) om nie te weet of verstaan wat van hulle verwag word nie. Enige van hierdie simptome kan lei tot fisiese en verstandelike traagheid.

**so… wanneer jy hierdie opwindende tog aanpak oor improvisasie, hou tog asseblief hierdie punte in gedagte sodat die ondervinding *POSITIEF – LONEND – STIMULEEREND – PLESIERIG* kan wees**

Hierdie is sekere van die moets en moenies wanneer jy vir die eerste keer met improvisasie begin:

1. **Vertroue** is die sleutel om die leerder se kreatiwiteit te ontsluit. Om leerders aan te moedig om idees, gedagtes en gevoelens te deel, moet 'n mens 'n veilige omgewing in die klaskamer skep. Bou selfvertroue en vertroue in medeleerders en in jouself voordat jy besluit om diep en betekenisvolle emosies te deel. Wanneer leerders 'n omgewing ervaar wat veilig is en hulle nie veroordeel word nie, sal leerders meer geneë wees om te deel.
2. Improvisasie moet **beplan** word. Weerhou jouself daarvan om 'n improvisasieles te doen op die ingewing van die oomblik by gebrek aan voorbereiding van 'n les. Improvisasie benodig net soveel beplanning en voorbereiding as enige ander area van jou werk.
3. Leerders vereis **gestruktureerde** aktiwiteite om hulle eie kreatiwiteit te ontwikkel. Hulle behoort met elke stappie gelei en gefasiliteer te word. Vermy om 'n prikkel (stimulus) te gee en dan vir die leerder te sê … 'wees kreatief'. Jy kan nie slegs vir 'n leerder sê om kreatief te wees en hulle verbeelding te gebruik as hulle nie kan visualiseer wat dit is wat jy wil hê hulle moet doen nie.
4. Verskaf **stimuli** om mededeelsaamheid aan te moedig. Vermy om leerders 'n opdrag te gee soos …'hoe voel julle?' Dit sal hulle slegs inhibeer. Bring fotos en prente en vra hulle om te kies watter illustrasie hulle gevoelens reflekteer. Moedig hulle aan om beskrywende woorde te gebruik en vra hulle om woorde te vind wat beskryf hoe hulle voel of wat soortgelyk is aan die woorde wat hulle alreeds gebruik het. Gevoelens motiveer 'n person om ekspressief te wees. Kleure kan ook as stimuli gebruik word, soos bv. die kleur rooi. Bespreek met die leerders hoe hulle voel oor die kleur rooi en vra hulle om die emosie deur beweging uit te beeld. Die beweging sal dan die gevoelens of emosies soos liefde, passie en woede weerspieël. Vermy om musiek as stimulus te gebruik – dit is té emosievol en lok reaksie uit om slegs passies by die musiek te voeg sonder dat die leerder sy eie ritme vind. Gee leiding maar **moet nie wys nie** – laat leerders toe om hulle eie idees te ondervind en te verken, ongeag hoe goed of sleg hulle is en loof die poging. Vermy om aan 'n leerder te vertel hoe om improvisasie te doen. Dit ondermyn hul vermoë om self keuses te maak.



5. **Vermy om leerders te dwing** om iets te doen waarmee hulle ongemaklik voel.
6. **Moet nooit jou eie** negatiewe emosies of persoonlike oordeel op 'n groep leerders **afdwing** nie.

**Wenke om met die voorbereiding van improvisasie te help:**

- Maak 'n uitstalling van baie inspirerende of ongewone prente of beelde om die stereotipe idee van dans uit te daag.
- Probeer om danstydskrifte en boeke te bekom of by die biblioteek te leen sodat leerders daardeur kan kyk.
- Probeer om aan die leerders 'n DVD te wys wat reëls en voorskrifte uitdaag. Stel hulle bloot aan so 'n groot verskeidenheid konsepte van beweging moontlik.
- Begin om jou eie rekwisiete op te bou met 'n verskeidenheid van balle, stokke, koerante, blare, tou, rekke, hoede, materiaal, musiekinstrumente en enigiets anders wat jy interessant mag vind – daar is geen beperkinge nie. Al hierdie items kan gebruik word om 'n reaksie by leerders uit te lok.
- Voor die improvisasieklas begin, kan 'n lesing gebruik word om die prente of DVD te bespreek en reaksie uit te lok. Hoe het hulle in die begin gevoel – is die beelde of prente snaaks of lelik of ongewoon? Praat daaroor!

## Hoe om vrae te formuleer

As opvoeder is dit jou verantwoordelikheid om leerders te bemagtig deur leiding te gee deur die proses of reis van choreografie en hulle denkpatrone te stimuleer. Een van die maniere is deur hulle te lei deur die vrae wat jy hulle vra.

? Algemene besprekingsvrae:

1. Wat maak dans verskillend van ander estetiese vorme van beweging (byvoorbeeld gimnastiek)
2. Wat is die moontlike knelpunte en beperkinge in danskomposisie?
3. Watter knelpunte/beperkinge sal vir jou as individu uitdagend wees en hoekom?
4. Dit verg inspirasie om nuwe en interessante werke te skep. Wat dink jy behels hierdie proses?

Na voltooiing van 'n improvisasie taak, rig tyd in om die proses met die leerders te bespreek. Vra leerders wat hulle geleer het en wat die doel van die proses was. Bespreek hoe hulle hierdie vaardighede in hulle choreografie kan gebruik.


As kunstenaar is bespreking 'n belangrike vaardigheid om duidelik 'n waarneming oor te dra. Laat leerders toe om hulle werk in die klas aan te bied en gee dan geleentheid vir die ander leerders wat waargeneem het om te reageer op die werk en vrae te vra. Indien hulle nie sinvol besprekings inisieer nie, behoort die opvoeder die leerders aan te spoor om in 'n meer beskrywende taal hulle opinie uit te spreek. Neem kennis dat hierdie besprekings nie gaan oor waarvan hulle gehou het of nie gehou het nie; dit gaan oor wat hulle gesien of waargeneem het.

? Spesifieke vrae oor individuele choreografie:

1. Kan jy beskryf hoe jou stimulus (prent, gedig, ens.) jou geïnspireer het?
2. Hoe het dit jou laat voel?
3. Het jou gevoelens gedurende die proses verander? Was dit dieselfde in die begin en aan die einde? Hoe het dit verander?
4. Hoe getrou het jy by jou oorspronklike gevoelens en voornemens gebly?
5. Hoekom het jy dit verander?
6. Wat het jy GESIEN toe jy na die choreografie gekyk het?
7. Wat anders kon jy addisioneel gedoen het om dit te verander?

Maak seker dat die aard van die vrae wat jy vra opbeurend en nie bevooroordeeld is nie.

## AFDELING 2: IMPROVISASIE
### Beplanning van Improvisasie



**Wanneer jy 'n les vir Graad 10 -12 improvisasie beplan, moet jy kennis neem van die assesseringstandaarde en voorgestelde inhoud vir beide improvisasie en choreografie. Hierdie is riglyne wat bereik moet word in elke graad, alhoewel sekere leerders verdere aansporing mag vereis. Jy as opvoeder moet bewus wees van die vlak van die leerder en ooreenkomstig aanpassings maak. Die vaardighede wat die leerders ontwikkel in improvisasie behoort ook by te dra tot die uitkomste in choreografie**

'Improvisation is the ability to explore spontaneously and conceive dance movements that are representative of an idea, a concept or a dance style'.
(Minton, 2007, p. vi)

# Onderrigmateriaal en Kennis

**'n Uittreksel van die boek 'Teaching Creative Dance: A Handbook'**

**'Ontwikkel nuwe beweging:**
Daar is verskeie maniere om beweging uit te dink en die liggaam en liggaamsdele in die ruimte vindingryk te laat beweeg. Bewegings kan geskep word en dan saamgevoeg word in 'n volgorde om 'n frase of motief van 'n dans te vorm wat dan 'n deel of die hele danskomposisie kan uitmaak. Enige prikkel kan dansbewegings inisieer, selfs alledaagse bewegings soos om jou hare te borsel of met die straat af te stap.

Voorbeelde:
- Gebruik gewone denkbeelde om die liggaamsdele en hoe hulle beweeg te verken. Die hande: speel klavier, krap, klik die vingers, wys; hou 'n denkbeeldige geselsie met 'n vriend
- Gebruik verskillende liggaamsdele om die beweging te lei, byvoorbeeld lei die beweging met die neus of die arm
- Sit op die vloer met toe oë en begin om 'n liggaamsdeel soos die kop op verskillende maniere moontlik te beweeg, gaan voort met ander dele van die liggaam, jy kan dit staande doen
- Gebruik beperkings – gebruik slegs een arm of een been terwyl die ander weggesteek is
- Skep vorms met jou liggaam as jy beweeg, byvoorbeeld maak sirkels met jou liggaam.

**Aksiale Bewegings**
Aksiale bewegings beweeg om en saam met die ruggraat – die as of sentrale lyn van die liggaam.
Aksiale bewegings sluit die volgende in:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| draai | warrel | staan op | val | bespring |
| wriemel | ploeter | buig | brei uit | tree vorentoe |
| golwend | skommel | flap | ineensak | hang |
| tuimel | buig | wring | hang | trippel |
| skud | ineenkrimp | swaai | ruk | waai |
| leun | krul | kriewel | slof | ontvou |
| tol | ineenstort | stoei | strek | tuimel |

Al hierdie aksies kan in verskillende kombinasies en op verskeie maniere gebruik word om nuwe bewegingssekwense te skep.

**Lokomotoriese Beweging:**
Lokomotoriese bewegings beweeg van een plek na 'n ander, die bewegings gaan iewers heen.
Die agt basiese lokomotoriese bewegings is:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| loop | hardloop | ver spring (leap) | hop | spring | huppel | gallop |

Al hierdie basiese bewegingspassies kan gewysig word deur rigting, spoed of ritme te verander. Verskillende vlakke, emosie of karakterisering kan die kwaliteit van die bewegings versterk. Die bewegings kan ook afgewissel word met tussenposes, vriese en suspensies.

**Frase**:
'n Dansfrase of bewegingsekwens kan vergelyk word met 'n woordsin. 'n Frase het 'n begin, middel en einde.

**Motief**:
'n Motief is 'n herkenbare patroon (reeks bewegings) wat met 'n sekere karaktereienskap of styl herhaaldelik voorkom. 'n Danswerk soos 'Ghost Dances' het verskillende motiewe vir elke karakter. So byvoorbeeld het die dansers wat die spoke verteenwoordig hulle eie spesifieke bewegings, wat verskil van die dansers wat die dorpsmense verteenwoordig.

**Ontwerpelemente**:
Die drie ontwerpelemente van dans is Ruimte, Tyd en Krag. Hierdie drie elemente word in beweging ingesluit en behoort in die struktuur van al jou danskomposisies voor te kom.

**Ruimte**:
Beweging bestaan beide in tyd en ruimte. Die liggaam het omvang en vul die ruimte in beweging en rus. Beweging verander die ruimte wat die liggaam gebruik. Die ruimte word ook deur objekte en vele ander gedaantes gedeel en affekteer die ruimtegebruik en verskaf veranderende en dinamiese beelde. Ruimte word deur die volgende elemente beïnvloed: persoonlike/algemene ruimte, rigtings, vlakke, diagonale, dimensie, fokus, intensitiet, digtheid, gelykte en ontwerp van die omgewing.

**Persoonlike/Algemene**: Ruimte kan persoonlik (naby aan die liggaam) of algemene (gedeelde ruimte, die ruimte waarin die liggaam beweeg) ruimte insluit.

**Rigtings**: Elke beweging het rigting, jy kan beweeg in die rigting waarna gekyk word, of in 'n sekere manier beweeg of albei. Jy kan in verskillende rigtings beweeg – vorentoe, agtertoe, horisontaal, vertikaal, sywaarts, na mekaar/van mekaar, diagonaal, op/af. Jy kan ook onder, bo-oor, om iets of deur iets beweeg.

**Vlakke**: Dansers behoort bekwaamheid te ontwikkel om in al die vlakke, hoog, middel en laag te dans of te beweeg.

- Lae vlak bewegings – kruip, skuif, sit, hurk, sleep, seil, kronkel en rol
- Middel vlak bewegings – kniel, staan, gly, beweeg
- Hoë vlak bewegings – spring, huppel, hop, ver spring, vlieg

**Oog Fokus**: Die gebruik van oog fokus dui die rigting van beweging aan. Mense reageer wanneer 'n persoon in 'n rigting tuur (starende blik). Dié abstakte ruimte kan gedeeltelik gedefinïeer word as deel van die person se fokus.

**Ontwerp in ruimte**: Ontwerp – die vorm van een of meer liggame in ruimte – kan gedefnïeer word luidens die lyne van die vorm, (gekurf, hoekig of lynvormig) en die algehele vorm (simmetries of asimmetries). Gekurfde en sirkelvormige lyne gee 'n gevoel van vloei en kontinuïteit, is grasieus en liries, meegewend, rustig, akkommoderend en organies. Reguitlyne en hoeke weerspieël krag, rigting, perkussie, onbuigbaarheid. Dit mag meer opwindend of dinamies voorkom as gekurfde bewegings.

**Simmetrie en Asimmetrie**: Simmetriese ontwerp is eweredig met presiese helftes aan beide kante en met dieselfde proporsie en balans wat die gevoel van krag, mag, stabiliteit, balans, beheer en voorspelbaarheid weergee. Asimmetries is oneweredig en verskaf inherent spanning en 'n dinamiese kwaliteit. Terwyl simmetriese bewegings veilig voorkom, is asimmetriese bewegings gewaagd.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

Dans gaan oor beweging en oor dinamika en die opwindende oomblikke is asimmetries met simmetriese bewegings wat as kontras, rus of sluiting gebruik word.
**Omgewing**: Die omgewing vorm 'n integrale deel van dans en het 'n invloed oor hoe ons beweeg. Deur 'n verskeidenheid van omgewings te gebruik, werklik en voorstellings, verskaf dit 'n ryk bron van inspirasie en materiaal vir choreografie. Danse kan vir die verhoog of vir 'n spesifieke ligging, soos 'n park of om 'n standbeeld gechoreografeer word.



**Tyd**:
Beweging is die manifestasie van energie in tyd en ruimte. Daar is drie hoofelemente van tyd wat ons in ag moet neem – impulse, gelykmatige ritmes en ongelykmatige ritmes.

**Impulse**: 'n Impuls is 'n golf van energie wat van rus tot 'n hoogtepunt styg en weer terugval na rus. Een impuls is geneig om weer 'n ander te skep. Dit is die golfagtige aard van die impuls, die verandering van aktiwiteit en rus wat ons dan as ritme ervaar.

**Ritme**: Dit is 'n erkenbare vloei van beweging en/of klank. 'n Ritmiese patroon is 'n duidelike gedefinïeerde patroon van tydsaspekte soos tydsduur en aksent. Ritmes kan onreëlmatig, onvoorspelbaar en ru (skerp) voorkom. Die moontlikheid om ritmes op verskillende maniere te gebruik kan die improvisasie en choreografiese vindingrykheid vergroot.

Aspekte van Tyd:
- **Maatslag/pols** – die reëlmatige, konstante pols, 'n maatstaf van lopende tyd
- **Tempo (spoed)** – die spoed van die pols; kan vinnig, stadig wees, versnel of verminder
- **Vaart** – die tempo waarmee die aktiwiteit voortgaan
- **Duur** – hoeveel tyd geneem is; 'n vinnige beweging het 'n kort duur en 'n stadige beweging het 'n langer duur
- **Aksent** – om te beklemtoon
- **Sinkopasie** – die verplasing van die reëlmatige metriese aksent na 'n swak maatslag of tussen maatslae
- **Klimaks** – die geakkumuleerde hoogtepunt
- **Momentum** – impetus bereik deur beweging
- **Mate** – eenheid maatslae
- **Meter** – die hoeveelheid maatslae in 'n maat
- **Tydsoortteken** – die teken wat die groepering van maatslae in gelyke eenhede aandui
- **Frase** – 'n kort en min of meer onafhanklike passasie wat deel vorm van 'n langer stuk
- **Ritmiese vorme** – die vorm of rangskikking van die struktuur waarop komposisies gebou word, byvoorbeeld kanon
- **Musikaliteit** – die waarneming van dinamika in klank en beweging in 'n logiese, ekspressiewe en verstaanbare manier
- **Styl** – 'n vorm van uitdrukking en uitvoering, duidelike verstaanbare eienskappe wat konsekwent toegepas word.

**Krag**:
Elke beweging behels tyd, ruimte en krag. In enige beweging is dit energie wat die krag voorsien om te begin. Energie is die potensiaal vir krag, die kapasiteit vir aksie en om weerstand of swaartekrag baas te raak. Die hoeveelheid energie gebruik, die intensitiet van die energie aangewend, verbruik of vrygestel, bepaal die krag (inspanning) van die beweging. Die wyse hoe die energie vrygestel is en die krag wat aangewend is, bepaal die kwaliteit of gevoel van die beweging. Dit is die dinamiese kwaliteit in dans wat die emosies aanspreek. Die kwaliteit van beweging is voortgebring deur die dinamiese interaksie van krag (energie) met tyd in die ruimte. Beweging kan deur veranderinge in krag verander, afhangend van die hoeveelheid energie wat verbruik word, hoe dit tevoorskyn kom (skerp of egalig), die gewig (swaar of lig) en die vloei (rukkerig of vloeiend) van die bewegings. Bewegings kan staccato of gedrae en sterk of lig wees.

Kontraste kan geskep word deur die gebruik van teenoorgestelde kragte in 'n bewegingsfrase. Byvoorbeeld: sterk en skielik (ontplof, slaan en piets), sterk en gedrae (druk, trek, wring) of ligte en gedrae (gly, sweef, skaats).

**Spanning en Ontspanning**: Beweging kan baie kragtig (fors, energiek) of kragteloos (energieloos), aktief (self-geïnisieer) of passief (nie self-geïnisieer), spanningsvol (vasgevangde energie) of ontspanne (vrygestelde energie) wees. Uiterse spanning veroorsaak styfheid en uiterse ontspanning veroorsaak traagheid. By elk van die teenoorgestelde pole is daar stilheid (rus) en tussenin is daar verskillende vlakke van spanning en ontspanning van al die ander bewegings.

**Swaai**: Die swaai is 'n natuurlike krag wat deur 'n effense impuls geïnisieer word, gevolg deur die toegee aan swaartekrag voor dit 'n oomblik van suspensie bereik'.
Hierdie aantekeninge is 'n uitreksels uit van Papendorp, J. en Friedman, S. (1997) Teaching Creative Dance: A handbook

## Graad 10 Improvisasie

***Graad 10 Assesseringstandaard van die NKV***
*10.1.1 Ons weet dit wanneer die leerder 'n breë danswoordeskat en vryheid van beweging gedurende improvisasie rondom dansidees demonstreer*

Voorgestelde inhoud van die LPR:
Vryheid van beweging en danswoordeskat wat deur ontdekking ontwikkel word:
- maniere waarop die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
- ruimtelike ontwerpe en vorms wat die liggaam skep as dit deur die spasie (ruimte) beweeg
- ontwerpelemente van tyd (ritme, impulse, ongereëlde en gereëlde ritmes)
- ontwerpelemente van ruimte (persoonlike en algemene ruimte, rigting, vlakke, diagonale, dimensies en deursneë)
- transversale en ander ruimtelike weë, fokus, intensiteit, ruimtelike digtheid, gelyktes en die ontwerp van die uitvoeringspasie
- ontwerpelemente van krag (ferm, swaar, fyn aanraking, lig, impulsief, perkussie, aaneenlopend en kontrasterende kwaliteit van krag)
- ontwerpelemente van vloei (gebonde, vry, beperk, verlate)
- frases en motiefverhoudings met 'n ander liggaam/ander liggame wat vertroue en ondersteuningsoefeninge insluit


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

# LESIDEES: Hoe om improvisasie te fasiliteer


In elkeen van hierdie lesse sal die leerders betrokke wees in die skep van frases of motiewe van beweging.

'n Frase of motief is 'n kort opeenvolging van bewegings wat in 'n tema van 'n dans kan ontwikkel of wat effens aangepas kan word om belangstelling te skep.

# ONTDEKKING VAN RITME

'n Voorbeeld van 'n eerste les in die improvisasie deur Nicola Schorn

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 2-3 lesse



**Voorgestelde Inhoud of Voorneme:**

Vryheid van beweging en 'n danswoordeskat wat ontwikkel word deur ontdekking:

- maniere waarop die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
- ruimtelike ontwerpe en vorms wat die liggaam skep soos dit deur die spasie (ruimte) beweeg
- ontwerpelemente van tyd (ritme, impulse, ongereëlde en gereëlde ritmes)

**Onderwyser se werksinhoud en kennis:**

Die onderwyser behoort kennis te hê van die geskiedenis van oorskoen (gumboot) dans, sowel as die begrip van sekere basiese ritmes en stappies (steps).

**Hulpbronne:**

- Kry genoeg gumboots vir een leerder per groep
- Verkry of maak musiekinstrumente

**Metodes:**

- Ontdekking van ritme: staan in 'n sirkel, kies 'n instrument om te speel. Begelei leerders met die klop (beat) versus die melodie. Stel die dinamiese voor – sag, hard, stadig of vinnig, en sinkopasie

- Beweging: in die sirkel moet helfte van die leerders instrumente speel en die ander helfte moet dans deur enige bewegings te maak waarvoor hulle lus het – stap, kruip, skud, hop, skuifel … enigiets
- Stel die idee van gumbootdans voor. Bespreek die idee van ritme in gumbootdans. Wys basiese passies (steps) en ritmes
- Verdeel die klas in pare. Vra die leerders om hul eie ritmes op te maak
- Vra die pare om enige dansstyle in te voeg waarmee hulle gemaklik voel, bv. ballroom, Afrikadanse, funk, hip hop of ballet
- Voeg ‘n sprong of verskuiwing in liggaamsgewig by
- Kombineer twee van die groepe saam sodat daar nou vier in een groep is. Die twee groepe leer mekaar hul seksies. Dit sal die verkennnning van ander maniere en style van beweging aanmoedig, hul danswoordeskat sal vergroot
- Gee aan elke groep een gumboot. Vra die groepe om die gumboot in hul dans in te sluit
- Vra die groepe om weer met die gumboot werkswinkel te hou. Vra nou die groep om hul gumboot in ‘n verskillende en ongewone manier te gebruik – as ‘n objek, eerder as ‘n gumboot
- Wys en bespreek die uitkomste
- Sit in ‘n sirkel en stuur die gumboot in die kring aan. Elke student mag op enige manier teenoor die gumboot reageer.

Nog ‘n voorbeeld van ‘n eerste les in improvisasie, soos deur Jennifer van Papendorp gebruik:



# SKEP VAN ‘N VEILIGE OMGEWING IN DIE KLAS

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1-2 lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme:**
Vryheid van beweging en ‘n danswoordeskat wat deur ontdekking ontwikkel word:
- maniere waarop die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
- ontwerpelemente van krag (ferm, swaar, fyn aanraking, lig, impulsief, perkussie, aaneenlopend, kontrasterende kwaliteite van krag)
- verhouding met ‘n ander liggaam/liggame, insluitend vertroue en ondersteuningsoefeninge

Die volgende kan as klasfokus op die bekendstelling van improvisasie, deur ‘n veilige omgewing in die klaskamer daar te stel, gebruik word.

**Metodes en Aktiwiteite**
**Opdrag 1 Stap en vertroue**
- Vra die leerders om in die spasie (ruimte) te stap, op maat van die musiek, sonder om na mekaar te kyk en sonder om aan mekaar te stamp – speel opgewekte musiek met ‘n energieke loopslag
- Vra nou die leerders om rond te stap in die spasie (ruimte), in tyd met die musiek, maar met erkenning van die ander in die groep deur middel van oogkontak en gesiguitdrukkings
- Vra leerders om in die pas aan te hou loop, sonder om te stop, stap in 2’s, stap in 3’s, stap in 5’s, stap in 3’s, ens. Stop die musiek en vra die leerders hoe dit gevoel het om by ander aan te sluit of om uitgelaat te word in die laaste aktiwiteit. Bespreek die kwessie om sensitief te wees teenoor ander in die klas, oor hoe dit voel om nie gekies te word of deur ander uitgelaat te word.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

**Opdrag 2: Verkenning van beweging**

- Vra die leerders om hulle kop in enige rigting te gooi en dan te vries. Herhaal dit 'n paar keer, sit dan arms en die hele liggaam by. Meld dat daar geen stampery moet wees nie
- Vra leerders om hul duime uit te hou aan die een kant van hul liggame en al hul aandag aan hul duime te gee. Stadig en gladweg begin hulle die duime beweeg oor hulle liggame na die ander kant, terwyl hulle al die tyd volle aandag aan hul duime gee. Laat die fokus nou gaan na die elmboog en hulle beweeg dit glad en aaneenlopend in enige rigting – verskuif dan die fokus na die ander liggaamsdele, terwyl hulle nog egalig en aaneenlopend beweeg, bv. heupe, kop, knieë, en naeltjies
- Vra leerders om hul arms te swaai – demonstreer 'n paar swaaie en vra hulle dan om hul eie manier van swaai te vind. Laat die swaaie oor die hele ruimte strek (sonder om mekaar te stamp)
- Vra hulle om spontaan 4 bewegende swaaie, onmiddellik gevolg deur 4 kopgooie en arms, met vriesgedeeltes tussenin te doen, gevolg deur 8 tellings van egalige, aaneenlopende bewegings wat fokus op verskillende liggaamsdele, en eindig met 'n vries. Laat hulle dit 'n paar keer doen. Elk keer sal verskillend wees
- Vra die leerders om te draai na die persoon naaste aan haar/hom as 'n dansmaat. Deur weg van jou maat te beweeg, doen die leerder nou die swaai-gooi-glad bewegingsroetine spontaan, leerder moet bewus wees van sy maat, en eindig met 'n vries. Oefen dit 'n paar keer, sodat hulle gemaklik met mekaar is – elke keer as hulle dit doen, sal dit verskillend wees
- Laat een helfte van die klas toekyk terwyl die ander helfte hulle duets uitvoer.

**Opdrag 3: Spieëls**

Hierdie is 'n bekende oefening in Dans en Drama maar dit werk altyd en kan dikwels en op verskeie maniere gedoen word. Die neem die aandag van hul eie liggame af en bou 'n verhouding met ander persone in die klas.

- Vra die klas om te draai na 'n persoon naaste aan hom /haar, as 'n maat. Kyk na die persoon, een lei met egalige, aaneenlopende bewegings, terwyl die ander maat in spieëlbeeld volg, bv. persoon A gebruik die linkerarm, persoon B gebruik die regterarm, asof hy in die spieël kyk. Dit is belangrik om te beklemtoon dat gemaklike oogkontak behou moet word
- Elke paar het 'n kans om te lei, deur seker te maak dat hul bewegings maklik is om te volg
- Uiteindelik, sonder om te praat, verander die pare die leierskap oor en weer. 'n Persoon wat toekyk behoort nie te kan sê wie lei nie.

**Vrae en Refleksie (Terugskouing)**

- Na die aktiwiteit moet die leerders kans gegee word om met hul maats te bespreek hoe dit gevoel het. Fasiliteer dan 'n bespreking oor of hulle verkies het om te lei of te volg en wat die vereistes is om 'n leier of 'n navolger te wees.

**Ander maklike en nie bedreigende maniere om improvisasie voor te stel:**

- Sit heerlike musiek op en vra leerders om 'n sirkel in die lug te teken met hul neuse, dan met die hele kop, skouers, arms, gewrigte, heupe, knieë, voete en enkels, duime en naeltjies, hele liggaam, vul die ruimte met sirkels, lae sirkels, hoë sirkels… stel jou voor dat jy met blou verf bedek is en teken elke duim van die vloer met sirkels, ens.
- Leer hulle 'n eenvoudige dansroetine, bv. 'n stappatroon en stel voor om dit op verskeie maniere af te wissel, bv. deur die rigting, tempo, vlakke, ritme te verander, deur 'n karakter by te voeg ('n plaaslike seun, angstige ouer, skaam kind), voeg stilwees (stillness) by, asook herhaling. Laat hulle variasies skep op die roetine in 2's. Deur in pare en klein groepe te werk, maak dit die improvisasie meer pret.

Deur kennis te neem van die vereiste assesseringstandaarde en voogestelde inhoud vir Graad 10, is hier nog idees vir improvisasie. Dit fokus primêr op die ontwikkeling van die leerder se kennis van die basiese boustene van dans, soos spasie (ruimte), tyd en krag. Maak seker dat die leerders hierdie konsepte verstaan, soos uiteengesit in die opvoedersinligting hieronder.



Die volgende vier lesplanne is geneem van Papendorp en Friedman (1997).

## ONTWIKKELING VAN NUWE BEWEGING

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1-2 lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme:**
Vryheid van beweging en ʼn dans woordeskat wat ontwikkel word deur verkenning:
- maniere waarop die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
- ruimtelike ontwerpe en vorms wat die liggaam skep soos dit deur die spasie (ruimte) beweeg

**Onderwyser se inligting en kennis:**
Een van die eerste stappe is om die leerder bekend te stel aan verskeie maniere waarop nuwe en interessante bewegings geskep kan word, bo en behalwe dit wat hulle ken en mee gemaklik is. Dit kan ook help om die hindernisse af te breek tussen daardie leerders wat meer ervare dansers is en daardie wat geen opleiding gehad het nie, aangesien daar nie ʼn regte of verkeerde tegniek is wanneer beweging geskep word nie.

**Metodes en Hulpbronne:**
Opdrag 1
- Staan in ʼn sirkel, elke leerder neem die lettergrepe van sy naam en maak bewegings per lettergreep om die naam uit te spel. Die res van die groep moet die leerder se naam namaak, deur dit hardop te sê, terwyl hulle beweeg. Hou aan in die sirkel. Dit kan verder ontwikkel word deur die leerders in pare op te deel, of deur een lang bewegingsekwens van al die name te vorm.

Opdrag 2
- Gee leerders woorde en voorstellings om te verken, bv. wikkel asof jy miere in jou klere het, draai asof jy ʼn windpomp is, maak jou hande oop en toe, ook arms, bene, mond en ander liggaamsdele.
- Verduidelik die konsep van aksiale-beweging: enige beweging rondom ʼn as van die liggaam, bv. die rugstring.

Gee elke leerder ʼn lys van vier kontrasterende aksiale-bewegings waarvoor hulle ʼn sekwens moet skep. Byvoorbeeld: sink, sweef, ontplof, draai, knoop die lyf (twist), val neer, maak golfbewegings, maak ʼn kontraksie, slinger, dwarrel, reik, flop neer, spring, draai, vergroot jouself, wikkel.
- Verdudeilik dan die konsep van lokomotoriese beweging. Die leerders moet hul sekwens uitbrei deur ten minste twee verskillende lokomotoriese bewegings te inkorporeer, bv. hardloop of loop.
- Jy kan dit verder ontwikkel deur herhaling in te bring, deur in pare te werk en selfs in groepe.

**Vrae en ander refleksies (terugskouings):**
Maak seker dat jy die leerder se aandag daarop vestig dat hulle beweging geskep het en dat enigiets as dans beskou kan word binne hierdie raamwerk.

Daar is baie verskillende maniere om die drie ontwerpelemente van dans bekend te stel. Hier is drie voorbeelde:

# KRAG



**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1 – 2 Lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
- Ontwerpelemente van krag (ferm, swaar, fyn aanraking, impulsief, perkussie, aaneenlopend, en kontrasterende kwaliteite van krag)

**Onderwyser se inhoud en kennis**:
Die volgende ontwerpelement is krag. Dans gebruik kontrasterende energieë soos stadige en egalige bewegings versus skielike, rukkerige bewegings. Krag word bepaal deur die hoeveelheid energie wat gebruik word en hoe dit gebruik word.

**Metodes en Aktiwiteite**:
- Verken woorde en beelde met 'n verskeidenheid vlakke van krag, bv. gooi, druk, stop, aktief en passief
- Maak seker dat die verskeidenheid kragte geïdentifiseer kan word. Om leerders te help om begrip te toon, gee voorbeelde van beeldspraak. Byvoorbeeld die stamp van 'n gumboot.
- Gee leerders kontrasterende woordgroepe waarvan hulle vier sekwense of vier bewegings van elk moet skep. Byvoorbeeld:

☐ sterk en gedrae – druk, wring, trek, omarming (squeeze)
☐ sterk en skielik – ontplof, slaan, klits, stamp
☐ lig en gedrae – gly, sweef, skaats, smelt, dryf
☐ lig en perkussie – hop, val, piets, skud

- Sodra hulle hierdie kort frases onder die knie het, gee opdrag om die frases aan mekaar te heg, sluit lokomotoriese bewegings in en maak seker dat hulle al die elemente van ruimte en tyd insluit



# RUIMTE/SPASIE

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1-3 lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
- Ontwerpelemente van spasie (ruimte) , vorms, grootte, rigting, vlakke, fokus

**Onderwyser se inhoud en kennis**:
Een ontwerpelement van dans in spasie (ruimte)

**Metodes en Aktiwiteite**:
- Begin deur slegs verskillende vorms van die liggaam te ontgin, bv. sirkels, driehoeke en vierkante. As die leerders ingeperk voel, kry hulle sover om met toe oë te werk
- Lei hulle deur die proses, om deur verskillende vorms te beweeg, soos rond, vierkantig of lang bewegings
- As hulle beweeg, gee hulle instruksies om die grootte van die beweging af te wissel, asook die dele van die liggaam wat hulle gebruik
- Skep ʼn reeks van 4-6 bewegings in een vorm, bv. rond. Oefen en onthou dit
- Elke leerder moet 3 of 4 reekse skep, deur ʼn spesifieke vorm te gebruik, wat hulle kan onthou en herhaal. Hierdie reeks kan gekombineer en verander word deur instruksies te gee om die vlakke te varieer, in verskillende rigtings te beweeg en oogfokus by te voeg, ens.



# TYD

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1-2 lesse


**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
- ontwerpelemente van tyd (ritme, impulse, onreëlmatige en reëlmatige ritmes)

**Onderwyser se inhoud en kennis**:
Nog ʼn ontwerpelement is tyd, wat die eienskappe soos ritme, tempo, snelheid, aksent, sinkopasie, frases en momentum insluit.

**Metodes en Aktiwiteite**:
- Begin met ʼn basiese ritme, soos byvoorbeeld, klap jou eie naam
- Verduidelik die konsep van poliritme. Skep twee basiese ritmes, een met die aksent op die ewe maatslae (2-4-6-8) en die ander op die onewe maatslae (1-3-5-7). Organiseer leerders in twee groepe en klap albei ritmes gelyktydig
- Volgende moet elke leerder sy/haar eie 8 telling ritme skep, gebruik hande, voete of die liggaam om klanke voort te bring (liggaamsperkussie). Voeg aksente en ander variasies by
- Maak seker dat die leerders die verskeie tydselemente verstaan
- Voeg beweging by die ritme – maak seker dat die bewegings die lengte of tempo van die maatslae reflekteer
- Om verder te ontwikkel – voeg draaie, spronge en bewegende passies by


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)





# NEGATIEWE RUIMTE/SPASIE

Lesplan deur Robyn Kennedy

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1- 2 lesse



**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
☐ maniere waarop die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
☐ ruimtelike ontwerpe en vorms wat die liggaam skep soos dit deur die spasie (ruimte) beweeg
☐ ontwerpelemente van ruimte (spasie) - persoonlike en algemene spasie
☐ verhouding met 'n ander liggaam/liggame, insluitend die vertroue en ondersteungsoefeninge

**Metodes en Aktiwiteite**:
Bespreek die konsep van negatiewe spasie.
Die leerders werk in pare. Een danser maak 'n vorm en die ander vul die negatiewe spasie rondom hulle. Hulle vries vir die oomblik, voordat die eerste een beweeg, en so aan.
Daar moet gladnie gepraat word nie.
Die leerders konsentreer op die lees van die vorms, reageer daarop en moet bewus wees van mekaar, asook hul tydsberekening.
Moedig hulle aan om te 'dans' van een posisie na die volgende. Jy mag dalk nodig hê om instruksies te gee dat hulle 'n draai moet bysit tussen elke vorm, om beweging aan te moedig. Voeg 'n verandering in dinamiek by, soos die skerp verandering van fokus, of 'n skielike beweging van die ledemate soos hulle van vorm verander.
Bou aan die pare wat na mekaar beweeg en maats verander, totdat jy 'n hele groep het wat saam beweeg.

# ONTWERP IN RUIMTE

Lesplan deur Susan Botha gebasseer op Paulette Shafranski's Creative Problem Solving, (1985)

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1 – 2 lesse



**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
- maniere hoe die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
- ruimtelike ontwerpe en vorms wat die liggaam skep soos dit deur die ruimte beweeg



**Hulpbronne**:
Vertoon 'n verskeidenheid geometriese vorms soos 'n sirkel, diagonale lyn, vierkant, driehoek, ens.

**Metodes en Aktiwiteite**:
- Begin om individueel geometriese vorms in die lug met verskillende ligaamsdele (neus, elmboog, skouer, ens.) te teken en van plek na plek in geometriese voetpaaie (pathways) te beweeg
- Gebruik verskillende vlakke en gee leerders leiding om soveel moontlike vorms te verken en moedig hulle aan om 'n verskeidenheid bewegings soos kruip, huppel, gly ensomeer te gebruik
- In groepe, vorm vierkante, driehoeke, reghoeke en seshoeke met of sonder fisiese kontak. Gaan voort om in hierdie geometriese formasies te beweeg/dans terwyl die ruimtelike konfigurasie behoue bly
- Leerders kies drie geometriese ontwerpe, bv. 'n sirkel, driehoek en diagonale lyn, en skep op papier 'n reeks bewegende ontwerpe. Byvoorbeeld: hardloop in 'n sirkel, val in 'n diagonale lyn en gly in 'n driehoekige patroon
- Hierdie aktiwiteit kan eenvoudig gehou word deur die sekwens verskeie kere te herhaal, dit is: sirkel, diagonaal, driehoek, ens. of maak dit meer gekompliseerd deur die sekwens te verander, maar beperk die ontwerp deur slegs die drie gekose vorms te gebruik
- Voer die sekwens uit in pare en trios, dans gelyktydig terwyl elke leerder sy eie sekwens dans





# REKKE

Lesplan deur Robyn Kennedy

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 1 – 2 lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
Vryheid van beweging en 'n danswoordeskat wat ontwikkel word deur verkenning:
- maniere waarop die torso en ledemate gebruik kan word om beweging te skep
- ruimtelike ontwerpe en vorms wat die liggaam skep soos dit deur die spasie (ruimte) beweeg
- ontwerpelemente van ruimte – persoonlike en algemene ruimte
- verhouding met 'n ander liggaam/liggame, insluitend vertroue en ondersteuningoefeninge

**Hulpbronne**:
Maak seker dat jy genoeg rek het, enige vorm van rek of elastiese materiaal – een vir elke twee leerders.

**Metodes en Aktiwiteite**
- Gebruik 'n lang stuk rek om twee dansers by die middelyf aan mekaar te bind. Dit moet styfgespan bly ten alle tye. Speel musiek terwyl hulle met beweging eksperimenteer. Stop en moedig hulle aan om die rek van hul middellywe te beweeg en om vlakke te verander
- Kies en konsolideer vier bewegings om in die klas te wys. Jy kan verandering van dinamika insluit, soos die skerp verandering van fokus, of 'n skielike beweging van 'n liggaamsdeel soos wat hulle van vorms verander
- Sit meer as twee dansers by een rek, of vier dansers wat twee rekke gebruik. Jou leerders sal met meer idees na vore kom as wat jy verwag het!

Nota: Ten einde vertroue te bewerkstellig tussen leerders, moet hulle gemaklik voel om in noue kontak met mekaar saam te werk, veral met die teenoorgestelde geslag. Daar is verskeie vertrouensoefeninge wat gebruik kan word. Voor hulle begin, moet elke opvoeder die vlak van vertroue en selfvertroue wat reeds in die klas teenwoordig is, assesseer. Elke situasie wat anders is, sal 'n verskillende kombinasie van oefeninge of beginpunt vereis. Wees sensitief vir die reaksie van jou leerders wanneer jy aanraking en kontakimprovisasie bekendstel. Al hierdie oefeninge kan veskeie kere herhaal word, met verskeie grade, hoewel dit eintlik in die Assesseringstandaarde vir Graad 10 inpas.



# VERTROUENSOEFENINGE EN KONTAKIMPROVISASIE

Lesplanne van verskeie werkswinkels

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: Inkorporeer binne ander lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
Oefeninge om 'n veilige omgewing in die klaskamer te skep en die vlak van gerief tussen leerders te verhoog.
Vryheid van beweging en 'n danswoordeskat te ontwikkel deur die verkenningsverhouding met 'n ander liggaam/liggame, insluitend vertroue en ondersteuningsoefeninge.

**Metodes en Aktiwiteite**:
Maak seker leerders voel nie bedreig nie en dat hulle nie seerkry nie. Praat oor die ervaring nadat hulle dit uitprobeer het. Maak seker die leerders verstaan dat hulle mekaar moet respekteer en nie aan mekaar se privaatdele moet raak nie.

Oefeninge om vertroue te ontwikkel en ten einde kontakimprovisasie te bewerkstellig, in geen bepaalde orde nie:

- Begin met die leerders wat rondstap in die klaskamer, deur al die spasie (ruimte) te gebruik. Sodra hulle goed en kalm beweeg, kry hulle sover om pare te vorm. In pare kan hulle die volgende oefeninge doen:
    - Loop sy aan sy, met skouers wat raak. Een van die leerders van die paar is die leier en die ander (navolger) moet langs hul maat se skouer bly, wanneer hulle ookal beweeg. Ruil nou rolle om
    - Herhaal die bogenoemde oefening, maar met elmboë gebuig by 90 grade. Die navolgers moet hulle hande op die leier se skouers rus, sonder om eintlik vas te hou. Hulle moet weereens saam bly. Ruil rolle om
    - Herhaal die oefening deur hande te hou en die navolgers moet nou met toe oë beweeg
    - Nou staan die navolgers voor, met hulle oë gesluit en die leiers staan agter hulle. Die navolgers moet met toe oë stap. Daar is geen kontak tussen die pare nie, tensy die navolger moontlik gaan bots en dan moet die leier sy maat omdraai deur die skouers aan te raak en dan te laat los. Probeer die stapproses bespoedig sodra die leerders vol vertroue is. Ruil rolle om. Probeer geleidelik die leerders vol selfvertroue kry sodat hulle op hule eie met toe oë kan stap
    - Begin deur in die kamer rond te stap, deur al die spasie (ruimte) te gebruik. Wanneer die onderwyser die opdrag gee, sluit aan by die gepaste liggaamsdeel van die persoon naaste aan jou, bv. regter elmboog by linker knie. Hou dit vas en begin dan weer stap, wanneer jy aangesê word om dit te doen. Jy mag nie weer na dieselfde persoon toe gaan nie


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

- In pare, verbind een vingerpunt en beweeg dit op soveel maniere as moontlik. Eksperimenteer met ander liggaamsdele. Probeer dit in drie's
- Kontrabalansering: In pare, eksperimenteer met maniere om mekaar te ondersteun wanneer albei van balans is, rondom 'n sentrale punt. Eksperimenteer deur verskillende liggaamsdele te gebruik - nie net die hande nie - om by jou maat aan te sluit
- In pare, besluit wie is A en wie is B. A begin beweeg met groot, stadige bewegings, asof jy deur modder beweeg. B volg, of maak die bewegende liggaam na met beide hande, sonder om aan A te raak. Wanneer die onderwyser die opdrag gee, word die rolle omgeruil





‘Improvisasie - die sleutel tot die choreografiese proses’.
Minton, 2007, p. vi

# BEWEGINGSFRASES EN MOTIEWE

Lesplan deur Donna Baird, wat aanwys hoe improvisasie die choreografiese proses voorafgaan

**Assesseringstandaard**: 10.1.1 **Duur**: 10 weke

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**: Tema: Oosterse Gevegskuns/Kung Fu Gevegskuns

**Hulpbronne benodig**: Musiek – Enige ‘up beat’ Oosterse musiek

**Metodes en Aktiwiteite**:
**Taak 1**:
Stel die onderwerp bekend deur die Oosterse gevegskuns te bespreek, wys verskeie foto’s en wys posisies en foto’s van yoga posisies. Eksperimenteer met armlyne – oosters, spronge, skoppe en buigings.
Bespreek die definisie van frases in beide bewegings en musiek – speel die musiek en tel en klap die frases deur gebruik te maak van harde en sagte handeklap, om aan te dui waar die frasering begin en waar dit eindig.
Bespreek die definisie van motiewe, wys en vra voorbeelde van die leerders.
Luister: Speel die musiek. Bespreek die inleiding. Luister na die frases, wat is die tydsaspek? Is die frases lank of kort? Hoeveel note per frase? Klap die frases.
Verduidelik die konsep van frasering in beweging.
**Taak 2**:
Die leerders werk in pare/trios om ’n inleiding te ontwikkel
- Hulle moet dan ’n 16 telling (afhangend van die verkose musiek) bewegingsfrase skep, deur buiging, erkenning en voorbereiding te gebruik
- Die bewegings moet duidelik en goed gedefinïeer wees. Die bewegingsfrase moet die musiek komplimenteer en daarmee saamwerk

**Taak 3**:
Die leerders skep nou ’n 36 telling (afhangende van die musiek) stadige beweging gevegstoneel in pare (verkieslik). Hulle kan die volgende insluit:
- Aksies/response
- Vlakke
- Rigtingveranderings
- Dinamika

GEEN KONTAK moet beklemtoon word in hierdie afdeling nie, tensy hulle ervare leerders is
**Taak 4**:
Voeg die inleiding tot die stadige bewegende gevegstoneel. Eksperimenteer met spasiëring. Gee die leerders die geleentheid om mekaar dop te hou in kleiner groepe. Bespreek die ‘onthou’ oomblikke, die opwindende dinge wat hulle onthou. Laat hulle mekaar beoordeel met positiewe en konstruktiewe kommentaar, lei hulle om gunstige opmerking oor mekaar te maak
**Taak 5**:
Die leerders ontwikkel nou op hul eie, 4 stil posisies/motiewe. Sekere dinge wat in gedagte gehou moet word:
- Die posisie moet ’n stilheid (stillness) vertoon
- Moedig ’n egalige oorgang van een posisie na ’n ander aan
- Die leerders moet die bewegings goed oefen, totdat hulle daarmee vertroud is


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

- Speel die musiek saggies in die agtergrond sodat hulle veilig voel met die idee van die tydsbeperking wat jy gestel het

LW: Laat toe vir veranderinge en regstellings in die aangewese tyd in die musiekfrases. As 'n stuk met beweging werk en opwindend is maar oor die tyd gaan, maak wysigings aan jou plan.

**Taak 6**:


Hulle wys nou hul posisies in kleiner groepies aan mekaar. As opvoeder moet jy een of meer posisies kies wat jy voel 'n sterk impak gevoel het, wat innoverend en duidelik, ens. is en bespreek ook hoekom jy voel dit veral geskik is vir die toneel.

Die leerders moet dan die verkose posisies oefen. Hulle kan dan die posisies in 'n werkswinkel gebruik, deur positiewe en negatiewe spasies in groter groepe van bv. 4 tot 5 te gebruik.

**Taak 7**:

Die opvoeder moet nou een of meer bewegingsfrases vir die leerders leer, wat hulle tegnies sal uitdaag. Dit behoort:

- Die stappies (steps) deur oefening te bemeester
- Die voorkant van die kamer na ander kante te verander
- Begin die bewegingsfrases op verskillende tye, bv. by 4 tellings intervalle
- Hulle kan verskillende tye en dinamiese vereistes gegee word



**Taak 8**:

- Inleiding
- Stadige bewegingstoneel
- Vier posisies motief/solo
- Voorbereide opvoeder kombinasie
- Motief

**Taak 9**:

Maak gebruik van bewegingsfrases en motiewe, gaan verder deur te eksperimenteer met

- Herhaling
- Spieëlbeeld
- Vrae en antwoorde
- Kanon
- Kontakwerk

Die moontlikhede is oneindig!

**Vrae en Refleksie/Terugskouing**

Deur klasbesprekings moet die leerders toegelaat word om te besluit oor hul verwagtings en visies vir 'n einde. Jy mag die volgende bespreek:

Vorms, op of van die verhoog af, klimaks/anti-klimaks

'n Einde wat die begin weerspieël

As hulle beligting gehad het, wat sou hulle doen?

Motiewe om te eindig

**Assessering**

Onderwysers hou informele assesserings deur waarneming en deur kommentaar te lewer wanneer leerders werk. Formele assessering word uitgevoer wanneer die leerder hul dans voltooi het, deur middel van self- en maat(portuur)assessering, sowel as waarneming van die onderwyser, wat gebruik maak van 'n waarnemings kontrolelys as 'n instrument.

**Ander temas**:

| | |
|---|---|
| • Indies | Lotus, vis, blom |
| • Jazz | 'Fosse' bewegings |
| • Kontemporêr | Vorms, temas |
| • Spaans | Interessante armbewegings, voetgeluide en ritmes |
| • Klassieke Grieks | Mitologie, lyn, houding |

## Graad 11 Improvisasie

***Graad 11 Assesseringstandaard van die NKV***
*11.1.1 Ons weet dit wanneer die leerder spontaneïteit demonstreer by improvisasie in reaksie tot 'n wye reeks stimuli*

**Voorgestelde Inhoud van die LPR**
Verhoogde vlak van tegniese bemeestering, vrymoedigheid, uitdrukking, omvang en spontaneïteit. Verken en ontwikkel: 'n groter bewegingswoordeskat deur die gebruik van rekwisiete, kostuums, foto's, skilderye, meubelstukke, musiek, teks, klankbeelde, gesprekke, die gesproke woord, masjienerieklanke, video's en die omgewing, by die skep van werke.

## Hoe om rekwisiete, beelde en prente te gebruik

Rekwisiete, beelde en prente is almal belangrike elemente in improvisasie en choreografie. Hieronder volg eenvoudige wenke wanneer hierdie items gebruik word:

- Om vir leerders prente vir die eerste keer te gee, kan hulle afskrik. Begin deur die leerders van prente te voorsien wat vorm verteenwoordig en vra leerders om die vorms met hulle liggame te skep. Dit is 'n eenvoudige manier om die visuele prent fisies oor te dra. Dit kan ook 'n interessante manier wees om vertroue en kontakimprovisasie vaardighede te ontwikkel deur in pare of groepe te werk om hierdie vorms te skep
- As jy eers aan vorm gewerk het, kan jy dan na ander elemente van die prente, beelde en rekwisiete verwys. Wanneer die objekte of prente in beweging of stilprente verplaas is kan leerders oorweeg om ander aspekte soos kleur, grootte, vlakke en spasie in ag te neem
- Sodra leerders gemaklik voel met hierdie konsep van die objekte of prente deur die gebruik van die liggaam fisies te verplaas, kan jy prente met 'n dieper betekenis aan hulle voorstel om bespreking en emosionele reaksies uit te lok. Hierdie reaksies kan gevolglik die leerders inspireer om 'n tema te ontwikkel eerder as 'n direkte fisiese stimulus

'During improvisation, the inspiration serves mainly as a point from which you begin moving. You continue to improvise by drawing your own inner cues and images.'
Minton, 2007, p. 13



**Vrae en opdragte vir onderwysers om leerders leiding te gee met die gebruik van rekwisiete in improvisasie**

Onder is opdragte en vrae wat die opvoeder kan gebruik om aan leerders leiding te gee met die proses van improvisasie met rekwisiete en om denke en kreatiwiteit te stimuleer. Die proses sal nie noodwendig een les neem nie maar sal oor tyd voltooi word. Hierdie vrae kan ook aangepas word om met ander improvisasies sonder rekwisiete gebruik te word.

Nadat jy jou stimulus gekies het, (dit kan enige stimulus wees, solank dit jou aangryp) besluit wat jou aangetrek het omtrent die spesifieke stimulus:

- Is dit die vorm? Of iets spesifieks in die **kwaliteit**?
- 'n **Skakel** met iets in jou gedagtes, geheue of ondervinding
- Wanneer jy bepaal het wat dit is wat jou aangryp, laat 'n **vry vloeiende assosiasie** toe om te ontwikkel: laat gevoelens, gemoedere, konsepte, simbole, beweeglikheidkwaliteite, vorige ondervindinge ens. toe om die aanvanklike impuls te volg, moet dit nie beheer nie – laat 'n vry gevoel toe soos dit in jou verbeelding ontvou.
- As dit gebeur dat jy nie op 'n onderskeidende **'bewegingstema'** afkom nie, moet jy verkenning van bewegingsaspekte/motiewe wat verband hou met die stimulus, toelaat
- Soos jy met die stimulus werk, vra vrae:
  - Wil jy enige beweging in besonder vaslê deur 'n spesifieke liggaamsdeel?
  - Is lokomotoriese bewegings sentraal gekoppel aan die idee?
  - Watter soort lokomotoriese beweging?
  - Is daar spesifieke ontwerpelemente wat nodig is om die konsep te verken? Hoe sal jy hulle gebruik?
  - Het jy nodig om in 'n spesifieke posisie te begin of in 'n spesifieke area van die ruimte?

Is daar enigiets wat jy definitief moet insluit, miskien uitdrukkings wat jou bewegingsidee duideliker sal maak (gebruik gesonde verstand).

  - Het jy nodig om die ondervinding/beeld van 'n spesifieke gemoedsstemming/uitdrukking **in te kleur of te versterk**?
  - Is daar spesifieke **inspannings-kwaliteite** gekoppel aan jou tema/beeld/idee? Wat is dit?
  - Is daar enige **ruimtelike oorwegings** wat jy wil insluit – lug/vloerplanne, vlakveranderinge, direkte, indirekte fokus?
  - Is daar enige definitiewe **aksies** wat volg vanaf die stimulus wat jy wil insluit? (Gebare, stil wees of simboliese beweging?)
  - Is daar enige verwante **simbole** waaraan jy kan dink? Hoe sou jy hierdie uitdruk?
  - Is daar 'n definitiewe **eindposisie** en moet dit in 'n spesifieke **spasie** wees?
- Dink dan daaraan hoe jy die werk wil struktureer, besin oor die begin, middel en die einde
- Maak seker jy kies 'n paar van hierdie, en gee jouself dan oor aan jou bewegings (selfs al aarsel jy, moet nie terughou nie!)





# LESIDEES: Hoe om improvisasie te fasiliteer



# REKWISIETE

Lesplan deur Roxy Levy

**Assesseringsstandaard**: 11.1.1 **Duur**: 1 Les

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Verken en ontwikkel verdere bewegingwoordeskat met gebruik van rekwisiete

**Bronne**: Enige gekose objekte

**Metodes en Aktiwiteite**

- Warm op deur middel van normale klasrituele
- Kies 'n objek met 'n verskeidenheid van tasbare kwaliteite bv. 'n tamboeryn, 'n tou of 'n kledingstuk
- Sit in 'n sirkel en gee die objek aan. Stel voor dat die leerders hulle oë sluit wanneer hulle die objek aanraak en al die dele verken. Voel die tekstuur, vorm en lyn en wees bewus van die visuele kwaliteite
- Met gebruik van die onderskeie tasbare kwaliteite van die objek, begin dan om te beweeg. As die tekstuur glad is kan gly 'n moontlike manier wees om te beweeg. As die objek 'n hoekige vorm het, kan die beweging skerp wees
- Werk in pare waar die een leerder die gladde bewegings doen terwyl die ander die skerp bewegings doen. Ruil die rolle om
- Ervaar hoe die objek beweeg. Eksperimenteer met die objek met behulp van ruimte, tyd en energie
- Om 'n abstrakte gevoel te beleef, plaas die objek neer en beweeg in die vertrek deur te fokus op die sensasie en beelde van die rekwisiet

**Uitgebreide Geleenthede of Huiswerk**:
**Leerders bespreek** die ondervinding en reflekteer die werk deur in hulle joernale te skryf.

# GEBRUIK 'n BAL

Lesplan deur Phillipa Myburgh en Roxy Levy

**Assesseringsstandaard**: 11.1.1 **Duur**: 1-2 Lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Verken en ontwikkel verdere bewegingwoordeskat met gebruik van rekwisiete

**Hulpbronne**:
Maak seker jy het genoeg balle van enige grootte vir elke leerder.

**Metodes en Aktiwiteite**:
- Verdeel leerders in klein groepe. Dit is die leerder se taak om die bal na die ander kant van die vertrek te neem, sonder om dit in hulle hande te hou of dat dit aan die grond raak. Verken verskillende maniere om die bal in die beweging in te sluit, terwyl daar oor die vertrek beweeg word (die bal in die lug gooi of dit teen die arm laat afrol, ens.)
- Daag leerders uit om beweging op verskillende vlakke te ervaar soos hulle interessante maniere vind om die bal om hulle liggame te beweeg terwyl hulle oor die vertrek beweeg
- Jy kan leerders beperk tot een vlak op 'n slag bv; hulle mag slegs op die vloer beweeg of op 'n middel of 'n hoë vlak

**Uitgebreide Geleenthede**:
- Hierdie kan ook nou verder uitgebrei word: Een leerder word die 'bal' en moet nou deur drie of vier ander leerders, werkende as 'n groep, oor die vertrek beweeg word. Hulle mag nie die leerder dra nie maar hulle moet deur verskillende vlakke en posisies beweeg deur konstant die gewig van die 'bal' oor te dra





**Onthou daar is geen reg of verkeerd in improvisasie –**
**dit werk of dit werk nie!**
**VERBIND JOUSELF, MOET NIE JOUSELF VEROORDEEL NIE & GENIET DIT**

## Hoe om woordkuns te gebruik

Hier is 'n aantekening om leerders te lei deur die proses om 'n teks te gebruik as stimulus vir improvisasie. Hierdie is vrae wat die opvoeder kan gebruik om leerders leiding te gee. Dit volg op die proses soos uiteengesit in die vorige afdeling.

**Vrae en instruksies vir onderwysers om leerders deur improvisasie en teks leiding te gee**

- Kyk na die **titel** – **voorspel** waaroor die gedig kan wees?
- Lees die gedig – en **visualiseer** die gedig soos jy dit lees
- **Identifiseer** enige sterk visuele prente/**beelde** wat die gedig bekendstel
- Oorweeg die **atmosfeer** – hoe voel jy intuitief gekoppel daaraan – sal jy hierdie gevoelstimulus gebruik om te improviseer?
- Is die gedig **abstrak of verhalend** – watter een sal jy gebruik?
- Kyk of jy enige van die **werklike werkwoorde /aksie woorde** sal gebruik om dit in beweging om te sit
- In term van **verhoudings** – vra dit vir 'n solo, duet, trio of 'n groep?
- Wil jy enige van die gegewe **woorde gebruik**/praat, sing terwyl jy dans?

Hier is 'n voorbeeld van 'n gedig en prent wat gebruik kan word as 'n stimulus vir improvisasie deur die prosesse soos bo omskryf te volg. Lei die leerders deur die proses deur elke stap te fasiliteer. Die gedig kom van Ilana Slomowitz se digbundel, Touching the Earth.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

## *Inspiration*

Lyrical melding
Movement
Abounds,
Slipping slinking
Gliding sliding
Like pastel velvet,
The sounds
Tenderly tossed
Endlessly,
Sway gently,
Hesitantly shifting

Like fragile rhythms
Never lost
Amid frenetic
Thoughts;

And all the while,
Inspiration
Nestles
Timelessly-

The creative spirit
Seeks
So hungrily:

But
Deep within
It is the stillness
That speaks!



*... Ilana Slomowitz*



# TEKENINGE

Lessplanne deur Phillipa Meyburgh
en Roxy Levy

**Assesseringsstandaard**: 11.1.1
**Duur**: 1-2 Lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Verken en ontwikkel verdere bewegingwoordeskat deur die gebruik van rekwisiete, kostuums, fotos en skilderye

**Metodes en Aktiwiteite**:

- Teken ontwerpe op papier of karton. Leerders moet dit in beweging interpreteer. Hulle moet alleen werk en hul werk aan die groep wys en vertoon
- Alternatiewelik kan twee leerders tesame beweeg en sien wat toevallig gebeur, of gee hulle tyd om hulle bewegings saam te voeg voor hulle dit aan die groep wys

**Vrae en Bespreking**:

- Moedig 'n bespreking aan oor vloerpatrone en notasie

# Graad 12 Improvisasie

**Graad 12 Assesseringstandaard**
12.1.1 Ons weet dit wanneer die leerder besliste vindingrykheid en die ontwikkeling van 'n persoonlike woordeskat in improvisasie demonstreer

**Voorgestelde Inhoud van die LPR**
Hoër vlak van bemeestering, vindingrykheid en die ontwikkeling van 'n persoonlike woordeskat. Ervaar en verken:

- multidissiplinêre werk wat dans met musiek, die visuele kunste, kunsvlyt, verfilming, video's of fotografie kombineer
- die maak van danse in ruimtes waar dit nie konvensioneel gebeur nie
- innoverende maniere vir die komposisie van eie verhale, nie-dansende deelnemers, rekwisiete, ongewone kostuums, karakterisering
- werk in groepe met vertrouensoefeninge en die ondersoek van magsverhoudinge,
- gebruik van navorsing en 'n begrip vir sosiale temas (Vigs, misbruik, magsverhoudings ens.) vir die skep van danskomposisies

Om leerders na verskillende omgewings toe te neem kan 'n hele nuwe wêreld vir hulle oopmaak en die denkprosesse stimuleer en kan opwindende nuwe maniere van beweging inisieer. Dit gee die leerders 'n visuele en tasbare ondervinding buite dit wat hulle in die klas kan ervaar, 'n bydrae van kwalitatiewe realiteit tot hulle werk. Hier is enkele voorbeelde:





## LESIDEES: Hoe om improvisasie te fasiliteer WAARNEMING

**Assesseringsstandaard**: 12.1.1
**Duur**: 1-2 Lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Hoër vlak van bemeestering, vindingrykheid en ontwikkelling van persoonlike woordeskat deur waarneming,met gebruik van musiek

**Metode en Aktiwiteit**:
Leerders werk in pare met musiekbegeleiding verskaf deur die opvoeder.
Leerder A begin om vrylik te beweeg terwyl B met volle ondersteunende aandag toekyk en die ruimte vir A oophou.

Die opvoeder sal dan vir B vra om A se bewegings te volg en eie bewegings te skep. A sal nou B se bewegings volg. Hierdie uitruil sal plaasvind totdat hulle 'n punt bereik waar hulle tesame beweeg. Leerder sal dan van mekaar skei en nuwe maats vind om die proses van waarneming te herhaal.

## IMPROVISASIE IN ONKONVENSIONELE RUIMTES

**Assesseringsstandaard**: 12.1.1 **Duur**: 1-2 Lesse elk

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Ondervind en verken die skep van danse in onkonvensionele ruimtes

**Metode en Aktiwiteit**:
**Strand**: Laat leerders toe om die sand te voel, skulpe te ontdek en die vorm en effek van die branders te sien. Hierdie kan oorgedra word na bewegings van die liggaam. Laat hulle toe om objekte van die strand te versamel wat hulle sal herinner aan hierdie ervaring. As tyd dit toelaat ken 'n taak aan hulle toe om 'n terplaatse taak op die strand te skep, moontlik verwant aan die bewegings van die golwe of die aksies van mense op die strand.

**Nagskuiling of plek vir straatkinders**: laat die leerders toe om alles waar te neem wat hulle sien. Dit mag 'n oorweldigende ervaring wees vir die leerders wat nog nie voorheen hierdie aspek van die lewe ervaar het nie. Neem hierdie gewaarwording terug na die klaskamer waar hulle uiting deur beweging kan gee aan dit wat hulle gesien en gevoel het. Laat ook tyd toe vir refleksie in hulle joernale.

**Die park**: afhangende van die park kan dit menigde geleenthede bied. Die natuur in die park kan 'n stimulus wees vir improvisasie. Die speelapparaat kan ook beweging inspireer as die leerders waarneem hoe ons op die apparaat speel. Dit skep ook 'n opwindende area vir ter plaatse werk – ken die taak toe om 'n kort stuk op die klimraam of glyplank te skep.

Die opsies is nie beperk tot slegs hierdie plekke nie, veral as jy beperk word deur gebrek aan vervoer. Neem waar wat naby jou skool beskikbaar is en gebruik die geleentheid. Ruimtes rondom die skool soos die ingang, die vierkant, die klaskamer vol meubels, is ook ideaal vir interessante choreografie.



# SUID – AFRIKAANSE SOSIALE VRAAGSTUKKE

**Assesseringsstandaard**: 12.1.1 **Duur**: 1-2 Lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Ondervind en verken deur navorsing en begrip van sosiale temas (VIGS, mishandeling, misbruik, ens.) om danskomposisies te skep

**Metodes en Hulpbronne**:
Versamel uitknipsels van koerante, insluitende artikels, fotos, gedigte of strokiesprente wat kommentaar lewer op huidige pertinente vraagstukke.
Vertoon dit in die klas en laat leerders toe om een te kies en te reageer deur geïmproviseerde beweging.

**Vrae en nabetragting**:
Laat die leerders toe om hulle reaksies in hulle joernale aan te teken. Moedig hulle aan om 'n artikel of foto te kies wat relevant tot hul lewens is sodat hulle hul ervarings in die improvisasie kan insluit.



# MUSIEK

**Assesseringsstandaard**: 12.1.1 **Duur**: 1 Les

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**
Ondervind en verken multi-dissiplinêre werk deur die samevoeging van dans met musiek

**Metodes en Hulpbronne**:
- Daag die leerders uit om hulle eie musiek te maak met geen bepaalde frasering, deur die opname van woorde, klanke soos voete stamp, klik, skuifel. Alternatiewelik kan geluide uit die natuur soos vloeiende water, die drup van 'n kraan en wind wat waai opgeneem word
- Improviseer nou bewegings met hierdie opnames
- Werk in pare en deel mekaar se idees
- Verken multi-dissiplinêre media deur die gebruik van beskikbare hulpbronne soos film, video, fotos en ander gemengde media om beweging te versterk
- Hierdie bewegings kan opgeneem/verfilm word om die kreatiewe prosesse van leerders waar te neem
- Gee die leerders 'n opdrag om 'n begin en 'n einde te vind. Wanneer hulle bepaal het hoe hulle gaan begin en eindig, laat hulle dan toe om die musiek tussenin te improviseer

# VERTROUENSOEFENINGE EN DIE WAARNEMING VAN MAGSVERHOUDINGS

Lesplan deur Jennifer van Papendorp

**Assesseringsstandaard**: 12.1.1 **Duur**: 1 Les

Voorgestelde Inhoud of Voorneme
Ondervind en verken groepswerk met vertrouensoefeninge en die waarneming van gesagsverhoudings.

**Metodes en Hulpbronne**:

- Vorm 'n groep van tien. Nege lede van die groep moet in 'n sirkel staan en na binne kyk. Een leerder staan buite die sirkel
- Lede in die sirkel haak hulle arms by die elmboë. Die 'uitgewekene' moet nou prober om die sirkel te breek, terwyl die sirkel weerstand bied. Na 'n paar minute moet 'n ander 'uitgewekene' die gevoel van uitsluiting ervaar. Laat elke lid van die groep toe om 'n slag die uitgewekene te wees
- Bespreek in jou groep hoe dit voel om die uitgewekene te wees en hoe om die lid van die binnekring te wees. Spekuleer dan hoe en wanneer uitsluiting in die alledaagse lewe kan plaasvind
- In pare, bespreek en vergelyk geleenthede waar jy magtig gevoel of magteloos gevoel het. Herroep en bespreek gevalle waar jy uitgesluit gevoel het of waar jy iemand anders uitgesluit het. Met jou maat: lê enige van hierdie gebeure in twee of meer vriesrame vas. Koppel die vriesrame uit daardie bewegings, wat net voor en na die gevriesde bewegings voorgekom het. Vergroot en verleng die bewegings nou in 'n kort danssekwens. Neem beurte om jou danssekwens aan die klas te demonstreer

As 'n klas reflekteer oor aspekte soos mag, verskille, inklusiwiteit en eksklusiwiteit. Skep 'n gedragskode vir die klas vir daardie jaar. Sluit in kolletiewe regte, verantwoordelikhede en gevolge van die verbreking van die kode. Kies 'n klein groepie om die gedragskode op te stel en skryf dit op 'n A3 vel of kaart of papier en vertoon dit op die muur as herinnering vir die jaar. Learning Station Arts and Culture Grade 9 Learner's Book (2006, p. 105)

# AFDELING 3: CHOREOGRAFIE/KOMPOSISIE

Alle goeie verhoudings is gebaseer op betekenisvolle kommunikasievaardighede; so ook die geval met goeie choreografie. Die choreografiese proses is 'n reis waar leerders aangemoedig behoort te word om te onderneem. Die reis sal of diepsinnig en betekenisvol wees of slegs net 'n oppervlakkige taak. Jy as opvoeder is daar om hulle te help en leiding te gee in vrae vra, hulle eie opinie te laat uitspreek en hulle bewus te maak dat hulle almal iets belangriks het om te sê.

**Leerders word bemagtig deur die skepping van choreografiese werke.**
**Hulle leer om hulle eie stem te vind**
**en hulle intensie duidelik en betekenisvol openbaar te maak.**

## Hoe om te begin: Aantekeninge vir leerders.

Soos met baie dinge is die moeilikste deel om te begin. Dit is heel eenvoudig om aan iets te dink: 'Ek gaan my slaapkamer skoon maak'. Maar nie altyd so maklik om in te gaan en dit te doen nie. Choreografie is baie dieselfde. Dit sal met 'n idee in jou kop begin. Jy sal daaroor dink, daaroor droom, en dit in jou gedagte visualiseer.
***Die moeilike deel is om dit uit jou kop op die verhoog te kry.***
Daar is so baie verskillende maniere om jou eie dans te skep. Almal bereik verskillende resultate.

- Begin met 'n idee of konsep. Moet nie altyd met musiek begin nie
- Maak seker dat hierdie idee goed deurdink en deurgewerk is en kristaliseer dit in 'n eenvoudige woorde of frases

Maak seker dat leerders baie spesifieke opdragte met 'n duidelike raamwerk kry. Enige van die voorgestelde choreografie idees hieronder kan aangepas word vir die individu of die vlak van die leerders. Dit word raadsaam geag dat leerders musiek sonder lirieke vir hulle choreografie gebruik om seker te maak dat hulle nie deur die woorde beïnvloed word nie.

## Hoe om deur choreografie 'n voorneme (intensie) betekenisvol oor te dra

Dit verwys hoofsaaklik na die moontlikheid om die visuele stimuli in die beweging saam te vat of die intensie van die choreografie te weerspieël.



Begin eers om die leerders aan te moedig om 'n skildery of prent te bestudeer. Vra vrae om 'n reaksie uit te lok:

- Watter gewaarwording kry jy as jy na die prent/skildery kyk?
- Kan jy jou gevoel uitdruk?
- Hoe kan kuns lewendig word deur beweging of dans?

Die volgende kan nie-verbale uitdrukking van beweging inspireer:

- die vorms van die draai bewegings in die agtergrond
- die oë wat vir jou kyk uit die prent
- die man met die baie arms

Daar is alreeds verskeie moontlikhede vir beweging in hierdie antwoorde. Byvoorbeeld, die vorm van die draaie kan gereflekteer word in beweging of die oë verteenwoordig hoe ons dopgehou word. Dit is 'n moontlike stimulus vir 'n choreografiese werk.

Dit is baie belangrik om die KONTEKS agter 'n stimulus te ontwikkel om die werk verder in te lig. Dit is waar navorsing en die joernaal 'n baie belangrike rol speel. Navorsing en die agtergrondinligting wat jy ontdek, skep 'n magdom kennis. Dit mag dalk nie direk verband hou met die inhoudelike van die choreografie nie maar gee vir die choreograaf inligting en inspirasie om te skep. Hierdie inligting gee die leerder inhoud of ammunisie om mee te werk. Van hierdie navorsing sal inspirasie te voorskyn kom, uniek vir elke individu wat kreatiwiteit sal inspireer.

**Wat jy in die begin gesien het mag dalk niks te doen hê met die eindproduk nie.**

## Hoe om 'n sinvolle joernaal saam te stel

Choreografie behoort nie net aangepak te word om bloot net 'n punt te kry in die finale eksamen nie. Dit is 'n proses (reis) en die uitslag is 'n bevestiging van elke leerder se waarde en die bydrae wat elkeen in hulle gemeenskap lewer. Die insig en groei wat die leerder baat van die ondervinding sal hulle prestasie en moontlikhede positief beïnvloed. In alle areas van hulle studies en lewe.

Die joernaal is 'n verslag van die reis van die leerder se ondervindinge in die beplanning en aanbieding van die choreografie. Alhoewel dit tydrowend is, maak seker dat jy vir die leerders voldoende tyd gee om inskrywings in hulle joernaal te maak. As hierdie gewoonte nie van Graad 10 aangemoedig word nie, sal dit nie van nature kom nie. Maak seker dat hulle al die prosesse van die reis in die joernaal aanteken, byvoorbeeld, wat was die oorspronklike inspirasie vir die choreografie, teken improvisasie oefeninge wat hulle in die klas gedoen het aan, sluit prente in wat die ontwerp van die kostuums geïnspireer het en noteer bewegings wat hulle vir die choreografie wil gebruik. Die skrywe in die joernale sal ook bydra om geletterdheid te bevorder.

Die joernaal behoort te demonstreer hoe die leerders beplan het, op spoor gebly het en gereflekteer het oor die ontwikkeling van hulle choreografiese proses en progressie. Hier is 'n voorbeeld van 'n voltooide joernaaltaak vir Graad 10 – 12. Dit is 'n voorbeeld van 'n taak wat aan die leerders gegee is om te verseker dat hulle alle aspekte wat nodig is vir hulle choreografie, dek.

## Choreografie Joernaal Taak: Graad 10 - 12

In hierdie projek sal jy:

- Versamel, analiseer en inligting organiseer. Kommunikeer idees en inligting
- Beplan en organiseer aktiwiteite. Werk met ander in jou groep. Los probleme op. Strewe en werk vir 'n afkappingspunt
- Jy sal klastyd en jou eie tyd gebruik om te repeteer en jou choreografie te ontwikkel

Jy sal jou werk wat jy in Dansstudies gechoreografeer het, ten toon stel.

**Afdeling A**
Joernaal: Teken die kreatiewe proses in jou joernaal aan. Maak seker jy skryf ten minste drie keer 'n week in jou joernaal. Onthou om datums, enige vordering, probleme, dispute, oplossings, insigte, en idees wat jou groep mee vorendag gekom het, aan te teken. Maak notas oor die atmosfeer by repetisies, die samewerking en werksetiek van die groep. Jy kan dit in die klas, by die huis of gedurende pouse inskryf.

**Soos jy werk, voltooi die volgende vrae**:

- Wat is die doel van hierdie produksie? Danswerk?
- Dui die titel en die musiek wat jy gebruik aan
- Watter genre/s van dans gebruik jy in jou stuk?
- Wat/wie het jou in jou choreografie beïnvloed?
- Dui aan hoe jy 'n bydrae in die groepchoreografie gemaak het
- Wat dink jy het jy vir jouself bereik gedurende die produksieproses?

Hierdie projek kan nie oor 'n naweek gedoen word nie. Begin asseblief nou.

**Afdeling B**
**Opstel 1**: Skryf 'n opstel, verduidelik die tipe genre wat jy gebruik en reflekteer waar dit inpas in die geskiedkundige periode wat jy studeer het. Onthou om die beginsels van hierdie genre en die choreograaf wat jou die meeste beïnvloed het by te voeg.
Skryf dit in jou eie woorde en onthou om die bronne wat jy gebruik het te noem. **(25)**

**Opstel 2**: As nabetragting nadat jy jou choreografie voltooi het, skryf 'n opstel waarin jy die volgende vrae beantwoord:

- Wat en wie beïnvloed jou choreografie?
- Hoe het jy die musiek gekies wat jy gebruik?
- Verduidelik die dinamika van jou stuk
- Wat het jy met die patroonontwerp wat jy gebruik het probeer bereik?
- Watter boodskap probeer jy oordra aan die gehoor?
- Indien jy rekwisiete gebruik het, wat verteenwoordig dit?
- Watter simboliek het jy gebruik? **(25)**

**Repetisie Skedule**: Sluit die repetisierooster wat jy gebruik het in. Teken enige veranderinge wat jy gemaak het aan. **(10)**


**Kostuumontwerp/Illustrasies**: Maak 'n basiese skets van die kostuums en bybehore wat in jou stuk gedra gaan word. Maak seker dat jy byskrifte aanbring en beskryf die materiaal wat jy gaan gebruik. (Waar moontlik, sluit voorbeelde/monsters in). Onthou om 'n kosteberekening ook in te sluit. **(10)**

**Produksieontwerp**: Sodra die finale besluit geneem is betreffende die opvoering, teken 'n plan van die saal, sitplekreëlings, opvoering, beligting en dui enige ander belangrike inligting aan.
Jy moet 'n program en enige ander ontwerpelemente (soos 'n banier) wat vir die produksie gebruik word, ook insluit.
(20)

**Foto album**: Sluit foto's in van jou repetisieproses. Kies 'n lid van jou groep om die foto's te neem.
(10)

**Afdeling B: Totale punte:**
**(100)**

Neem kennis dat hierdie joernaal uitgestal moet word by die vertoning of dit volledig is al dan nie.





# Graad 10 Choreografie/ Komposisie

## Graad 10 Assesseringstandaarde (gegroepeer)

*10.1.2: Ons weet dit wanneer die leerder die vermoë demonstreer om eenvoudige solo- en duetkomposisies wat frases/ motiewe; kontraste; gebruik van ruimte; en variasies in tempo en tydsberekening toon, te konstrueer*

*10.1.3: Ons weet dit wanneer die leerder die vermoë demonstreer om tyd effektief te bestuur en medewerkend met 'n maat optree gedurende 'n opvoering en/of 'n choreografiese proses*

Voorgestelde Inhoud of Voorneme:

- in klein groepe, met 'n maat en alleen
- komponeer 'n duet en solo wat I minuut duur, vir voorlegging in die klas
- demonstreer positiewe waardes en houdings wat verantwoordelikheid vir werk toon, sorg vir tydige voltooiing van take en 'n sensitiewe en samewerkende houding wanneer werk saam met ander uitgevoer word

In Graad 10 word dit van die leerders verwag om vir hulleself 'n solo te choreografeer, asook 'n duet met 'n maat. Begin met kort sekwense wat hulle op hulleself, as 'n paar of op ander in die klas choreografeer.
Die inhoud van hierdie choreografiese sekwense kan deur die onderwyser besluit word, alhoewel dit by die improvisasietaak moet aansluit.

Dit is deel van een van die PATe vir die jaar. Maak seker dat jy die leerders duidelike riglyne van wat verwag word gee. Dit sal hulle instaat stel om meer kreatief te wees sonder om verlore te voel. Hieronder volg een voorbeeld hoe om 'n choreografie PAT te lei deur vloerpatrone te gebruik as stimuli.
Hierdie proses kan aangepas word om enige van die stimuli wat volg te gebruik.



## LESIDEES: Hoe om choreografie te fasiliteer

Lesplan deur verskeie opvoeders

## Vloerpatrone

**Assesseringstandaard**: 10.1.2 **Duur**: Min of meer 'n termyn

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:

- in klein groepe, met 'n maat en alleen
- komponeer 'n duet en solo wat I minuut duur, vir voorlegging in die klas
- demonstreer positiewe waardes en houdings wat verantwoordelikheid vir werk toon, sorg vir tydige voltooiing van take en 'n sensitiewe en samewerkende houding wanneer werk saam met ander uitgevoer word

**Metode en Aktiwiteite**:

- Voor die aanvang van hierdie PAT, is dit belangrik dat jy met 'n verskeidenheid improvisasie take gewerk het om te verseker dat die leerders gemaklik is om hulle eie beweging te skep
- Verduidelik die choreografiese hoofpunte aan die leerders: hulle moet 'n solo, gebasseer op 'n 'vloerpatroon', van 1 minuut choreografeer soos geteken op 'n A4 bladsy
- Begin deur 'n basiese improvisasietaak aan hulle te gee om die basiese vaardighede te ontwikkel. Gee vir hulle 'n eenvoudige vloerpatroon wat hulle in 'n sekere manier moet beweeg, byvoorbeeld, 'gebruik ronde bewegings om met 'n diagonale lyn af te beweeg' of 'beweeg op 'n lae vlak en maak 'n vierkant'
- As leerders dit moeilik vind om die vloerpatrone te visualiseer, plak gekleurde band op die vloer om die lyne aan te dui
- Soos leerders meer vertroud raak, maak die patrone meer ingewikkeld of kombineer vorms met 'n verskeidenheid bewegingsopdragte

- Stel voor dat hulle die bewegings of frases memoriseer wat hulle skep en laat hulle dit in hulle joernaal aanteken
- Beveel leerders om 'n vloerplan op 'n A4 bladsy na die volgende les saam te bring. Bespreek hierdie patrone, kyk na die hoeveelheid ruimte wat hulle gebruik het, die verskeidenheid vorms of rigtings en die posisies aan die begin en einde
- Begin om beweging met hierdie patrone te ontwikkel, maak seker hulle skep 'n begin en einde
- Gee die leerders 'n keuse van 3 tot 5 musiekstukke, wat jy gekies het, as begeleiding. Maak seker dat dit 'n verskeidenheid van style is met kragtige ritmes of melodië om mee te werk. Gaan voort om leerders leiding te gee deur die skeppende proses – herinner hulle aan die ontwerpelemente – ruimte, tyd en krag – wat in die choreografie ingesluit moet word. Kyk na hulle danswerke op 'n gereëlde basis en gee konstruktiewe terugvoering sonder om veroordelend te wees

**Produksie-elemente**:

- Elke PAT moet by die teorietiese take ingesluit word wat die praktiese komponent komplimenteer
- Dit kan die vorm van 'n navorsingstaak aanneem. Sien die PAT dokument
- Verwys na Afdeling 4 oor Produksie-elemente vir 'n voorbeeld hoe om hierdie assesseringstandaarde in die PAT in te sluit

**Joernaalrefleksie**:

- Die joernaal is 'n essensiële deel van die choreografiese proses. Dit is 'n verslag van die reis wat die leerder onderneem om sy/haar finale produk te verwensenlik. Maak seker dat jy die belangrikheid van die joernaal vanaf Graad 10 benadruk, sodat wanneer die leerders in Graad 12 kom, dit 'n natuurlike deel van die proses is eeder as 'n groot addisionele taak

Gee leerders opdrag om hulle ontdekkings in hulle joernaal te noteer, na afloop van elke taak in die klas. Leerders behoort enige inspirasie wat hulle gekry het ook in te sluit. In Graad 10, as die tyd dit toelaat, gee vir hulle die geleentheid om dit onder jou wakende oog in die klas te voltooi, om te verseker hulle verstaan die proses wat van hulle vereis word.

Hier is verdere voorstelle om stumuli te gebruik. Dieselfde proses soos omskryf in die Choreografie  PAT: Vloerpatrone behoort gevolg te word.

**Musiek**

- Vind 'n interessante stuk musiek, byvoorbeeld, 'n stuk waar een of twee eiesoortige ritmes voorkom
- Gee opdrag aan die leerders om hierdie ritmes te interpreteer of gebruik met beweging
- Bespreek die genre van die musiek met die leerders en watter invloed dit op hulle choreografie het
- Dit skakel in met die improvisasietaak wat jy oor poliritmes met hulle gedoen het
- Probeer ook om sonder musiek te choreografeer en dan daarna musiek by te voeg

**Sametrekking en Verlenging**

- Spandeer tyd in die les om sametrekking en verlenging van die verskillende dele van die liggaam te verduidelik
- Laat hulle toe om hierdie Anatomiese konsepte met hulle liggame te eksperimenteer
- Bespreek hoe die verskillende rigting en spoed van sametrekking en verlenging verskillende betekenisse kan hê. Dit kan selfs die basis van hulle choreografie vorm

**Kombinasies**

- Leer 'n kombinasie aan leerders as deel van hulle tegniekklas
- Laat leerders dan hulle eie 4 telling kombinasie skep op dieselfde musiek en in dieselfde bewegingstaal
- In pare, leer leerders mekaar se sekwense en voeg dit bymekaar om 8 tellings op te maak
- Kry twee pare om hulle sekwense tergelykertyd voor die goep uit te voer, sonder om vooraf te oefen. Die gehoor kan dan waarneem waar daar eendersheid deur toeval voorkom
- Probeer veskillende kombinasies
- Die twee pare behoort dan hulle sekwense saam te voeg en 'n nuwe 8 tellings te skep, dans nou in unison


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

# Selfassesseringsinstrument

Selfassesseringsvraelys

| | |
|---|---|
| Naam van die Choreograaf: | |
| Naam van die stuk: | |
| Skool: | Datum: |
| Assessor: | |

Waaroor het die dans gegaan?

Hoe het ek die dans saamgestel?

Wat was my suksesse?

Wat moet verbeter word?

Watter choreografiese konsepte het ek geleer?

Wat het ek van myself geleer?

Wat het ek van andere geleer?

Hoe sal ek die waarde van my dans bepaal?

## Graad 11 Choreografie/Komposisie

*Graad 11 Assesseringstandaard (gegroepeer)*
*11.1.2: Ons weet dit wanneer die leerder 'n vermoë demonstreer om komposisies in solo-, duet- en triovorm te konstrueer wat 'n begrip toon van: struktuur; vorm; en inhoud*

**Voorgestelde inhoud**
- verken choreografiebeginsels en ontwerpelemente
- los probleme op, neem besluite en maak keuses, bekom inligting, idees, bewegings en materiaal vir choreografiese en navorsingdoeleindes, maak 'n seleksie daaruit en orden die om dit saam te stel
- gebruik choreografiese elemente vir die voorstelling van gemoedstemming, persoonlike stories, temas
- ontwikkel trio's, duette en solokomposisies – leerders kan besluit om 'n danswerk oor hulself en/of oor 'n ander danser/ ander dansers te ontwikkel
- ontwikkel waardes en houdings wat deelname, konsekwente toewyding en ondersteunende medewerking met andere verseker

## Hoe om struktuur te onderrig

Die struktuur van 'n dans kan vergelyk word met dié van 'n opstel of 'n geskrewe werk. Om 'n dans te choreografeer moet leerders 'n begrip toon waaruit die choreografiese strukture bestaan. Hierdie konsepte en idees van struktuur behoort vanaf Graad 10 of selfs vroeër deur improvisasie geïmplementeer te word. Hier volg riglyne wat die choreografiese proses duidelik maak. Hierdie proses kan deur jou as die opvoeder gebruik word om leerders te lei in die proses. Die notas kan ook aan die leerders gegee word as 'n verwysing.



## LESIDEES: Hoe om Choreografie/Komposisie te fasiliteer

Lesplan Learning Station Arts and Culture Learner's Book (2006) p.114.

## Struktuur

**Assesseringstandaard**: 11.1.2 **Duur**: 5 – 8 lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
- verken die choreografiese struktuur
- los probleme op, neem besluite en maak keuses, selekteer, bekom inligting, bewegings en materiaal vir choreografiese en navorsingdoeleindes

**Onderrigmateriaal en Kennis**:
Om 'n dans te choreografeer is soortgelyk aan ontwerp of komponeer in ander kunsvorms soos musiek en argitektuur. Alle vorme van ontwerp en in alle opsigte van die lewe is struktuur nodig. Komposisionele struktuur verwys na die organiserende beginsels of rangskikking van alle aspekte – orde herstel uit chaos. Om van vorm en struktuur te leer, sal die choreograaf se tegniese vaardigheid ontwikkel.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

Die volgende is die verskillende vorms wat moontlik is in 'n danswerk; bv.:

- Binêre vorm (tweeledig): AB
- Drieledige vorm: ABC
- Rondo (hooftema herhaal) : ABACADA
- Toeval: onverwags
- Kanon
- Tema en Variasies

**Metodes en Bronne**:
Neem jou tyd om elk van die volgende take te voltooi waar daar op verskillende aspekte van die die kompossionele struktuur gefokus word.

- **Begin, middel, einde**: skep 'n bewegingssekwens met 'n begin, middel en einde. Dink aan verskillende maniere en variasies, byvoorbeeld, begin met 'n sterk begin of 'n geleidelike begin of 'n skielike begin
- **Klimaks**: gebruik dieselfde sekwensie soos bo maar speel met die gedagte van klimaks. Maak die einde die klimaks, of bou op tot 'n klimaks in die middel van die sekwensie. Eksperimenteer en beplan twee klimakse. Bespreek op watter manier jy 'n klimaks in dans kan skep. Maak seker dat jy na elkeen van hierdie variasies kyk en bespreek watter invloed dit op die dans het
- **Oorgangselement**: skep twee verskillende vorms met jou liggaam. Verken verskillende maniere om van die een vorm na die ander vorm te beweeg. Die beweging tussen die vorms is die 'oorgange'. Skep nou twee simmetriese en twee asimmmetriese vorms op verskillende hoogtes. Skep 'n oorgang van die een vorm na die ander. Maak elke oorgang verskillend, bv. verander rigting, vlak, spoed, krag, voeg 'n draai by, skop of maak 'n groot sprong
- **Sekwense**: skep 'n kort bewegingsfrase. Leer vir mekaar jou frase, in drie's. Verbind die frases in alle moontlike kombinasies, byvoorbeeld, 1-2-3, 3-2-1, 2-3-1, 2-1-3, 1-3-2, of 3-1-2. Bespreek hoe die verandering van die sekwens die betekenis en vorm affekteer
- **Kontras**: skryf 'n lang lys met woordpare wat die teenoorgestelde betekenis het, byvoorbeeld, hoog-laag, sterk-swak. Onderstreep die woorde wat maklik is om te beweeg. Kies 'n woordpaar op jou lys. Verken een van die woorde, sê die woord herhaaldelik en beweeg met die kern van die woord. Sodra die woordbeweging/frase meer gedefinieer is, oefen dit verskeie kere. Doen dan dieselfde met die teenoorgestelde woord. Voeg die twee tesame, let op die oorgang van die een na die ander – dit is 'n AB vorm (Binêre)
- **Motief/ABA**: skep 'n kort bewegingsmotief of frase – noem dit 'A'. Skep 'n tweede motief of frase – 'B' – en voeg dit by 'A'. Herhaal 'A' – jou dans bestaan uit ABA. Jy kan dan rondspeel met die repetisie en dans AABA of ABAB, of jy kan selfs 'n derde frase byvoeg en dit 'C' noem
- **Vorm/Tema en variasie**: Leerders choreografeer, in 'n groep van vier, 'n bewegingsfrase gesamentlik en oefen dit tot almal dit baasraak. Elke lid van die groep kry dan geleentheid om op te tree en die tema vir die ander in die groep te dans, verander die tempo of die krag of die vorm. As 'n groep, voeg die tema en variasies bymekaar om 'n kort dans te vorm

Die assesseringstandaarde in Graad 11 vereis van die leerders om 'n duet of trio te choreografeer. Op hierdie vlak behoort die leerder die intensie of die tema van die werk te kan demonstreer met 'n groter emosionele aanslag. Hierdie aspek vereis 'n meer in-diepte navorsingsproses.

Hier is 'n voorbeeld van 'n taak wat in Graad 11 gebruik kan word:



# INNOVERENDE WYSES VAN KOMPOSISIE
# GEBRUIK EIE STORIES

Lesplan deur Roxy Levy **Duur**: 1 -2 lesse
Gebasseer op 'n metode van Balu Searll-Nivison

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
Gebruik choreografiese elemente om stemming, persoonlike stories, temas aan te bied

**Bronne**:
Leerders moet vier persoonlike objekte na die klas toe bring

**Metodes en Aktiwiteite**:
- Skryf 'n storie en vertel hoekom hierdie gekose objekte persoonlik is
- Omkring woorde wat vir jou betekenisvol is
- Skep 'n gedig met die omkringde woorde
- Omskep die gedig in beweging
- Werk in pare, A lees B se gedig terwyl B die bewegings wat B geskep het dans
- Doen dit om die beurt

Hierdie aktiwiteit kan na groter groepe uitgebrei word wat hulle gedigte tergelykertyd dans.

# GEBRUIK GEDRUKTE MEDIA OM CHOREOGRAFIE/ KOMPOSISIE TE ONTWIKKEL

**Assesseringstandaard**: 11.1.2 **Duur**: min of meer 'n termyn

Voorgestelde Inhoud of Voorneme:
- los probleme op, neem besluite en maak keuses, bekom inligting, idees, bewegings en materiaal vir choreografiese en navorsingdoeleindes, maak 'n seleksie daaruit en orden die om dit saam te stel
- ontwikkel trio's, duette en solokomposisies – leerders kan besluit om 'n danswerk oor hulself en/of oor 'n ander danser/ ander dansers te ontwikkel

**Metodes en Bronne**
- Maak seker dat die leerders aan 'n verskeidenheid improvisasietake gewerk het voor daar met hierdie PAT begin word en maak seker leerders voel gemaklik om hulle eie beweging te skep
- Verduidelik die choreografieseriglyn aan die leerders: gebruik 'n prent, beeld of afdruk vir inspirasie en choreografeer 'n duet of trio (Verwys na die PAT dokument)
- Begin deur 'n basiese improvisasietaak in die klas aan die leerders te gee om die vaardighede te ontwikkel. Bring 'n paar van die prente om mee te werk. Begin met eenvoudige prente wat vorm en beweging voorstel. Bou die improvisasie, gebaseer op die prente
- Sodra hulle gemaklik is daarmee, wys prente met temas wat uitdagend of uitlokend is. Moedig leerders aan om hulself uit te druk, eers in woorde en dan deur beweging hulle gevoel oor die prente te openbaar

- Maak seker dat leerders eers hulle eie prent gebruik vir inspirasie. Moedig leerders aan om kontakimprovisaie in hulle duet of trio in te sluit
- Gaan voort om leerders leiding te gee met die proses – herinner hulle aan die ontwerpelemente – ruimte, tyd en krag- en strukurele elemente – begin, middel, klimaks, kontras, oorgange, vorm – wat hulle in hulle choreografie moet insluit. Kyk na die werke op 'n gereëlde basis en gee konstrukiewe terugvoering sonder om bevooroordeeld te wees

## Graad 12 Choreografie/Komposisie

**Graad 12 Assesseringstandaard**

*12.1.2: Ons weet dit wanneer die leerder 'n vermoë demonstreer om 'n dansopvoering met 'n groep (meer as drie deelnemers) te konstrueer, wat 'n voorneme, spesifieke onderwerp of tema kommunikeer; wat kostuums, verhoogdekor, beligting, klank en ontwerp oorweeg; en wat 'n reeks tegnologieë inkorporeer, byvoorbeeld audio, video, film en/of verskillende dissiplines laat kruis deur aspekte soos teks, beeldhouwerk en fotografie saam te gebruik*

*12.1.3 Ons weet dit wanneer die leerder 'n vermoë demonstreer om samewerkend en effektief in 'n groter groep te werk en om selfbesinning te doen en die proses te evalueer*

**Voorgestelde inhoud**

- Verken die progressie van 'n idee of tema en werk met variasie, rondo, kanon, roep-en-antwoord, toeval, gebruik van klimaks en eindes, vir die skep van werke
- Eksperimenteer met styl en vorm met betrekking tot konsepte soos eenheid, kontras, oorgang, opeenvolging of patroon
- Ontwikkel bewegingsinhoud deur choreografiese verkenning van idees en persepsies wat eie aan Suid-Afrika is
- Ontwikkel konsepte vir die konstruksie van 'n dans van 2 - 3 minute, met ten minste twee ander deelnemers of 'n klein groep
- Realiseer intensie deur choreografiese prosesse
- Raak betrokke by produksie-elemente soos beligting, verhoog en kostuumontwerp
- Demonstreer waardes en houdings wat medewerking vergemaklik en gee erkenning aan die behoefte om oor eie deelname, prestasie en strategieë na te dink


***Graad 12 Assesseringstandaard***

*12.1.5 Ons weet dit wanneer die leerder die idees en konstruksie van 'n professionele choreograaf se werk ondersoek en 'n eie interpretasie van die werk ontwikkel*

**Voorgestelde inhoud**

Ervaring van idees en metodes vir komposisie deur studie van die werk van professionele/gevestigde choreograwe of danswerke


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)



**'n Interessante manier om te begin sal wees om te improviseer deur gebruik te maak van metodes wat bekende choreograwe gebruik, veral van die choreograwe met wie leerders vertroud is. Merce Cunningham se toeval (chance) metode is een voorbeeld vir motivering van improvisasie.**

Assesseringstandaard 12.1.5 mag gefasiliteer word deur leerders aan te moedig om 'n professionele choreograaf te bestudeer, die kontekste wat in die werk gebruik word, en op watter wyse die struktuur en inhoudelike 'n invloed het op die estetika van die werk. Leerders skep 'n nuwe werk, gebruik die choreografiese beginsels wat hulle ontdek het om die choreograaf se dans te dekonstrueer.

Leerders behoort nie net die werk te hervorm nie maar behoort die choreograaf se metodes te gebruik om hulle eie nuwe dans te skep.



# LESIDEES: Hoe om Choreografie/Komposisie te fasiliteer

## Merce Cunningham

Lesplan deur Phillipa Myburgh

**Asseseringstandaard**: 12.1.2 **Duur**: 2 - 3 lesse

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme**:
Bewusmaking, ondersoek en ondervinding van idees en metodes in danskomposisie deur die studie van die werk van professionele/gevestigde choreograwe en/of danswerke.

**Metode en Bronne**:

- Begin met die vertoning van 'n DVD en vervolgens 'n verduideliking en bespreking van Merce Cunningham se choreografiese tegniek en werkmetodes met die leerders. Cunningham het die kansmetodes om sy werke saam te stel. Dit beteken nie dat sy choreografie op improvisasie staatgemaak het of aan die dansers oorgelaat is nie. Na die skepping van beweging het hy kansprosedures gebruik om verskillende kombinasiemoontlikhede daarvan te bepaal in terme van orde, duur, spoed en ander elemente. Vir hierdie doeleindes gebruik hy eenvoudige metodes deur byvoorbeeld 'n muntstuk of dobbelsteen te gooi. Hierdie prosedure het bepaal dat elke aanbieding van 'n spesifieke werk 'n unieke, onherhaalbare weergawe word.
- Maak seker dat die leerders hierdie konsep as 'n choreografie-werkmetode verstaan en bespreek
- Laat elke leerder 'n sekwens van 4 bewegings skep volgens 'n bepaalde element deur jou voorgeskryf. Byvoorbeeld:
  - Spoed/dinamiek: vinnig, stadig,skielik, rukkerig, egalig, slingerend
  - Vorm/aksie: spring, buig, sirkelvormig/rond, vierkantig, draai, wring, strek
  - Ruimte/rigting: diagonaal, reguit, hoog, laag, staande
- Plaas die leerders in groepe van 4 of 5 na voltooing van die sekwense. Almal in 'n groep moet al die sekwense leer. Nommer elke sekwens en sluit genommerde periodes van loop, hardloop, stilstaan, of ander bewegingspasse in om 'n totaal van ongeveer 6 tot 12 sekwense te skep
- Elke groep moet die orde van hul dans met die gooi van 'n munt of dobbelsteen bepaal. Interessantheidshalwe kan elke lid van 'n groep 'n eie (verskillende) orde in die dans volg
- Sodra hierdie proses verstaan en bemeester is, kan rekwisiete bygevoeg word. 'n Danser kan byvoorbeeld tydens 'n sekwens na goeddunke op of onder 'n stoel sit. 'n Bal of soortgelyke voorwerp kan eweneens ingespan word: laat die leerders self besluit
- Ten slotte word musiek bygevoeg en hier kan die keuse ook met elke uitvoering wissel

**Vrae en Nabetragting**

- Fasiliteer 'n groepbespreking van die choreografiese proses
- Elke leerder moet 'n persoonlike nabetragting in joernaalstyl voltooi. Videos van die danse dien as 'n handige verwysingsmiddel by besprekings van die werk


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

Hier volg 'n voorbeeld van 'n Leerdersopdrag gebaseer op 'n choreografieles oor Merce Cunningham.

**Merce Cunningham: Leerdersopdrag**

**Leeruitkoms**: 1.3
**Asseseringstandaard**: 12.1.2

Die volgende oefeninge sal in die klas voltooi word:

**Taak 1**:
'n Bespreking van Cunnigham se tegniek en choreografie-metodes.

**Taak 2**:
Elke persoon skep 'n bewegingsekwens van 4 tellings. Verskillende tempi of style word aan elkeen toegewys, byvoorbeeld vinnige, stadige of lopende bewegings, ensovoorts.

Toegewys aan groepe van 4 of 5 dansers, word hierdie bewegingssekwense genommer in periodes van harloop, loop of stilheid. Elke individu of paar word 'n sekwensorde toegewys volgens kansprosedures bepaal, deur die gooi van munte of dobbelsteentjies. Hierdie sekwense word dan tegelyk uitgevoer.

Later word enige rekwisiete na willekeur by die dansbewegings ingesluit, asook musiekbegeleiding in verskillende style.

**Taak 3**:
Dokumenteer jou waarnemings oor die volgende aspekte in jou joernaal:
- Het jy die proses geniet? Hoekom?
- Wat het jy uit die oefening geleer?
- Wat het jy oor Cunningham se tegniek geleer in hierdie oefening?
- Beskou jy hierdie choreografie-metode as goed en geldig? Hoekom?
- Het jy enige ander gevoelens of gedagtes oor die onderwerp?

# PERSEPSIES VAN SUID-AFRIKA

Lesplan deur Jennifer van Papendorp

**Assesseringstandaard**: 12.1.2

**Voorgestelde Inhoud of Voorneme** **Duur**: 2 – 3 lesse

Ontwikkel bewegingsinhoud deur die choreografiese verkenning of idees en persepsies eie aan Suid-Afrilka

**Metodes en Bronne**

- Gee elke leerder 'n papier en pen/potlood
- Elke persoon skryf die eerste 20 woorde wat in hulle gedagte opkom neer as hulle aan Suid-Afrika dink
- Plaas die papiere in die middel van die vertrek
- Elke persoon neem dan een papier wat nie hulle eie is nie
- Gaan vinnig deur die klas en elkeen lees die woorde baie vinnig om die atmosfeer te skep
- Elke leerder kies een word wat hulle gehoor het en skep 'n beweging
- Kies 'n tweede woord, skep 'n beweging en verbind die beweging met die eerste beweging
- Voeg 'n klank by elke woord by
- Werk in pare – verbind die vier woorde in 'n bewegingssekwens
- Twee pare werk saam met nog 'n paar om 'n groep van vier te vorm
- Leer vir mekaar en verbind die woorde met die klanke
- Twee groepe van vier werk saam om 'n groep van agt te vorm
- Leer vir mekaar al die bewegingsekwense en verbind die sekwense
- Rankskik die sekwense, bv. begin en einde, klimaks, rigtings, stilwees, unison, kanon of enige ander vorms, ens.



GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)



## Bestuur van Graad 12 Choreografie/Danskomposisie

'n Paar wenke vir die koördinering van die Graad 12 choreografie:

- Alle Graad 10 & 11 Dansstudieleerders moet verplig word om deel te neem aan die Graad 12 Choreografie-komponent vanweë waardevolle praktiese ondervinding. As 'n deel van leerders se PAT, kan hierdie werk volgens deelname en vertoning geassesseer word
- Die aparte vertonings van choreografie vir die PAT en die eindeksamen skep die geleentheid vir verbetering en vordering. Sorg vir 'n genoegsame tydperk tussen hierdie twee uitvoerings om sodanige vordering te verseker
- Ten minste twee middagrepetisies per week is noodsaaklik en opvoeders MOET teenwoordig wees om toesig te hou en te assisteer
- Indien moontlik, moet kos en drinkgoed verskaf word vir leerders wat dit smiddae benodig, sodoende word genoeg energie en konsentrasie vir dansdoeleindes verseker
- 'n 'Outentisiteitsverklaring' moet deur die leerders onderteken en deur die opvoerder bevestig word om te verseker dat die choreografie die leerder-choreograaf se eie werk is

Die volgende benadering dien as voorbeeld van 'n nuwe Graad 12 choreografieprojek wat handel oor 'n sosiale aangeleentheid. Hierdie gevallestudie beskryf 'n proses gevolg deur Nicola Schorn met leerders van die Eersterivier Sekondêre Skool in 2008. Dit begin met Week 2 van Termyn 1. Hiermee die opvoeder se instruksies, wat as 'n proses-gids vir die leerders kan dien:

**Week 1**:
- Oordink vir 'n week lank 'n kwessie of idee wat werklik vir jou belangrik is. Onthou dat jy 'n geleentheid het om jou betrokke mening hieroor aan die publiek oor te dra byvoorbeeld die onderwerp Armoede. Ons word van alle kante daarmee gekonfronteer, in Suid-Afrika sowel as Suider-Afrika
- Skryf al jou idees neer in jou dansjoernaal. Sluit beelde of artikels uit koerante, tydskrifte, gedigte, ensovoorts in

**Week 2**:
- Bring al jou idees na die klaskamer en hou 'n dinkskrum met jou onderwyser en klasmaats
- **Dit moet na skool gedoen word en 'n middag moet daarvoor tersyde gesit word**
- Gebruik dieselfde onderwerp (**Armoede**) om vrae en gedagtes by jou aan te moedig. Formuleer jou mening of boodskap oor die onderwerp. Hoe sou jy 'n dans daaroor skep? Verskerp jou fokus nogmaals
- Watter aspek van armoede wil jy ondersoek? Dit moet ten nouste betrekking hê op jou eie intense gevoelens oor die onderwerp. Moenie beïnvloed word deur ander mense se interpretasie/vertolking daarvan nie - dit sal nooit heeltemal met jou eie sienswyse ooreenstem nie
- Hou aan met jou bevraagtekening totdat 'n nuwe woord of leidraad vorendag kom - een wat jou benadering tot die taak sal lei, soos byvoorbeeld **Straatkinders**. Laat dit die sleutel word in jou verkenning van die tema. Jy kan nou fokus op die armoede en ellende van straatkinders wat genoeg materiaal sal oplewer vir die skepping van 'n choreografie.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

**Week 3**:
- Gebruik die internet vir jou navorsing oor straatkinders. Jy is reeds vertroud met jou gekose onderwerp - een waaroor jy intense gevoelens ervaar. Vind meer uit oor ander mense se menings oor die onderwerp
- Is daar ander mense wat net so sterk soos jy oor die saak voel of miskien heeltemal verskillende opinies daaroor koester? Bestudeer jou bevindings: druk ondersteunende artikels en maak notas wat betrekking het op jou siening
- **Onthou dat navorsing altyd 'n belangrike rol speel as jy kragtige en gewigtige stellings wil maak**
- Bewaar al hierdie inligting in jou joernaal. Lees jou joernaal en hou nabetragting om jou te help om verdere idees oor jou choreografie te formuleer

**Week 4**:
- Bring al jou idees terug na die klas. Hou nog 'n dinkskrum met jou onderwyser en klasmaats oor jou choreografieplan en hoe jy jou idees met beweging gaan uitdruk/kommunikeer
- **Dit moet na skoolure gebeur en 'n middag moet daarvoor opsy gesit word**
- Onthou dat dans 'n simboliese taal is en dat jou bewegings, rekwisiete, ensovoorts, tesame die storie/verhaal en idee gaan oordra
- Noudat jy jou tema het, moet jy besluit hoeveel dansers van watter geslag en ouderdomsgroep(e) jy benodig. Jy mag byvoorbeeld besluit om slegs Dansstudie-leerders, sê 4 jong meisies van tussen 8 en 10 jaar en 5 senior meisies (graad 10 – 12) te gebruik
- Die volgende stap is **om hierdie dansers te vind**




Week 1




Week 2




Week 3






GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

Week 4




Week 5



Week 6



**Week 5**:

- Jy is nou gereed om te begin. Jy het 'n tema en jy het dansers. Jy het jou tema goed nagevors en het waarskynlik 'n duidelike beeld in gedagte oor hoe die verhoogontwerp en kostuums moet lyk. Hierdie beeld is gebaseer op dit wat jy op die internet, in koerante en elders teëgekom het
- Verduidelik aan jou dansers wat jy aan jou gehoor wil oordra
- **Dit moet na skoolure gebeur en 'n middag moet daarvoor opsy gesit word**
- Beskryf jou gevoelens, deel met hulle die navorsing wat jy versamel het, vra vir hulle idees en opinies. Luister na hulle
- Na hierdie gesprek, beplan en bespreek tye en beskikbaarheid vir repetisies. Dit dien geen doel om te begin en jou dansers is nie beskikbaar nie. Beplan die tye voor die aanvang sodat almal vooruit vir die repetisies kan beplan
- Jy moet ook verseker wees van 'n repetisielokaal en die ander Graad 12 leerders in ag neem
- Dit is 'n goeie idee om met jou onderwyser die tye en gebruik van die repetisielokaal te bespreek, sodra al die Graad 12s die beskikbaarheid van hulle dansers bepaal het
- Jy behoort ten minste twee middae 'n week eenkant te hou om aan jou dans te werk. In sommige repetisies sal jy alleen met die dansers werk. Jy behoort elke derde repetisie die werk aan jou onderwyser te wys vir konstruktiewe terugvoering oor hoe jou choreografie vorder
- Jy het ten minste vyf na ses weke nodig om jou choreografie suksesvol te voltooi
- Dit gaan 'n baie besige tyd wees vir jou onderwyser aangesien sy/hy by die skool moet wees om al die Graad 12 werke te oorsien, assesseer en leiding te gee. Maak seker dat jy nie die onderwyser se tyd mors wanneer jy haar/hom geskeduleer het om na jou werk te kom kyk nie
- Onthou om die stapsgewys jou vordering van jou choreografie in jou joernaal te dokumenteer sodat jy tret kan hou met jou idees, ander mense se raad, probleemareas, suksesse, ens
- Teen die tyd behoort jy ook 'n volledige rooster en tydlyn in jou joernaal opgestel te hê. Begin met die einde in gedagte en werk terug, bepaal presies wanneer jy nodig het om die werk te voltooi
- **Maak 'n rooster vir elke danser en jou onderwyser. Sien voorbeeld hieronder:**

| DAG | | TYD | LEERDER |
|---|---|---|---|
| Maan 9<br>FEBRUARIE<br>2009<br><br>WEEK 1 | Dansateljee<br><br>Dansateljee<br><br>Saal (verhoog) | 7.45 – 8.15<br><br>2.30 – 3.30<br><br>2.30 – 3.30 | 1. Amelia<br>2. Denecia<br>1. Byron<br>2. Natasha<br>1. Samantha<br>2. Sharonize<br>3. Michelle |
| Dins 10 | Dansateljee<br><br>Dansateljee<br><br>Saal (verhoog) | 7.45 – 8.15<br><br>2.30 – 3.30<br><br>2.30 – 3.30 | 1. Amelia<br>2. Denecia<br>1. Denecia<br>2. Simone<br>1. Chrioni<br>2. Samantha<br>3. Lesley -Ann |
| Woens 11<br><br>ONDERWYSER<br>ESIGTIG DIE WERKE | Dansateljee<br><br>Dansateljee / Saal /<br>Verhoog / Drama ateljee | 7.45 – 8.15<br><br>2.30 – 4.30 | 1. Amelia<br>2. Denecia<br>AL DIE GRAAD 12<br>CHOREOGRAWE<br>& HUL DANSERS |
| Don. 12th | Dansateljee<br><br>Dansateljee<br><br>Saal / verhoog | 7.45 – 8.15<br><br>2.30 – 3.30<br><br>2.30 – 3.30 | 1. Amelia<br>2. Denecia<br>1. Samantha<br>2. Sharonize<br>1. Byron<br>2. Michelle<br>3. Simone |


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)



**Week Ses**:

- Jy sal nou met jou eerste formele repetisie begin soos uiteengesit in jou repetisierooster
- **Al die improvisasieklasse wat jy tot dusver gedoen het, sal nou handig te pas kom**. Speel met jou dansers. Improviseer met verskillende idees rondom jou tema soos byvoorbeeld – Straatkinders.

Werk aan 'n paar bewegings en formasies wat jy wil skep. Moetnie op hierdie stadium bekommerd wees oor hoe die werk sal begin nie. Werkswinkel idees en jy sal verbaas wees wat daar uitkom. Herhaal dit vir 'n paar repetisies totdat jy presies weet hoe die dansers beweeg

- **Op hierdie stadium behoort jy 'n idee te hê watter soort musiek jy gaan gebruik**. Wat sal die dansstuk versterk en dit meer betekenisvol maak
- Dit mag nie noodwendig lekker luistermusiek wees nie. Die begeleiding moet jou tema reflekteer
- Begeleiding kan opnames, lewendige begeleiding, stemme, gedigte/woorde, klankeffekte, stilte of 'n kombinasie van enige van die genoemde uitmaak
- Dit is somtyds moeilik om die regte musiek te vind. Hier kan jou onderwyser vir jou van goeie raad bedien
- Sommige onderwysers mag dalk 'n wye verskeidenheid van musiek besit en dit vir jou bring om na skool daarna te luister en 'n stuk te kies. Maak voorsiening hiervoor op 'n dag wat jy nie repeteer nie
- Indien jou onderwyser nie oor 'n wye verskeidenheid musiek beskik nie, kan hy/sy reëlings met ander onderwysers tref of musiek van 'n webtuiste aflaai wat dit toelaat
- Hierdie kan 'n lang en frustrerende proses wees - moet dit nie vir die laaste hou nie
- **Dit is NIE 'n goeie idee om sommer enige musiekstuk te gebruik voor jy met die choreografie begin het nie veral as dit 'n lied is wat jy baie van hou**

**Week Sewe**:

- Jy mag dalk teen die tyd sukses met jou musiekbegeleiding hê. Indien nie, moenie daaroor bekommerd wees nie, gaan voort met jou choreografie en hou aan luister na musiek totdat jy die geskikte begeleiding vind
- Indien jy die regte begeleiding gevind het, pas jou idees toe
- Weereens jy hoef nie met die begin te begin nie,  speel jou musiek en verken moontlikhede met die begeleiding
- Jy sal nou vind dat daar 'n natuurlik progressie plaasvind
- Teen die tyd het jou onderwyser kommentaar gelewer oor jou vordering en moontlik advies gegee oor wat werk en areas wat dalk nie met die gekose idee strook nie. Luister na haar raad, jy hoef dit nie noodwendig toe te pas nie, maar dit mag dalk help om sekere dele in heroorweging te neem
- Hou ten alle tye in gedagte dat jy 'n oorspronlike en vars eie werk skep
- Verken die elemente van dans op elke moontlike manier
- Dink hoe jy jou verhoog, vlakke en groeperings van jou dansers gaan gebruik
- Gaan oor grense en wees anders, jyhet nie nodig om hier veilig te 'speel' nie

Week 7







Week 8



GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)



**Week Agt**

- Die termyn op sy einde
- Jy behoort teen die tyd 'n goeie begin te gemaak het
- Konsolideer met jou dansers
- Hou vergadering met jou onderwyser en portuurgroep en beplan jou rooster vir die volgende termyn. Hou in gedagte dat dit 'n eksamentermyn is en jou tyd gaan beperk wees
- Maak seker dat jy jou vordering in detail in jou joernaal gedokumenteer word om te voorkom dat waardevolle inligting verlore gaan
- Bedank jou dansers en onderwyser vir hulle bydrae en begin met jou choreografie

**Vakansie voorbereiding**:

- Maak seker jy neem jou joernaal saam met jou huistoe
- Begin beplan aan jou inkleding (kostuums)
- Onthou dit moet verband hou met jou tema en jou choreografie bevorder
- Neem jou begroting in ag. Miskien het jou skool 'n begroting vir kostuums, indien nie hoe gaan jy fondse genereer vir die kostuums?
- Die Graad 12 leerders kan dalk 'n gesamentlike poging aanwend en 'n fondsinsamelings veldtog loods, bv. 'n video-aand by die skool
- Al hierdie dinge moet vooruit beplan word
- Dink aan rekwisiete en ander spesiale effekte wat jy wil gebruik. Indien jy rekwisiete gebruik, neem dit na die volgende repetisies sodat die dansers vertroud kan raak met die gebruik daarvan
- Neem in ag dat beligting 'n waardevolle bydrae lewer om atmosfeer te skep. Kyk wat  by die skool beskikbaar is
- Selfs al gaan die stuk nie op 'n verhoog opgevoer word nie moet jy al die produksie-elmente wat jy wil gebruik as jy 'n onbeperkte begroting sou gehad het, in ag neem en in jou joernaal dokumenteer word
- Wees gereed om al jou idees en voorbereiding in jou choreografie toe te pas – begin, middel, einde, met die terugkeer na die skool
- Onthou jou choreografie moenie die 3 minute oorskry nie. Dit kan wel korter wees. Dit is inderdaad moeilik om 'n drie minute stuk te choreografeer sonder om herhalend en selfbevredigend voor te kom of die draad van die tema te veloor

**Tweede Termyn – Week Een**

- Belê 'n vergadering met al jou dansers en bespreek die finale planne en voorbereidings vir jou choreografie. Trek 'n rooster op vir repetisies met jou dansers
- Maak seker dat al jou rekwisiete, ens. by die repetisies is
- Neem jou musiek op 'n CD op sodat jy dit ten alle tye beskikbaar het. Die musiekdepartement kan jou dalk in die verband help

**Tweede Termyn – Week Twee vorentoe**:

- Jy sal nou voortgaan om aan jou choreografie te werk totdat dit voltooi is. Dit mag dalk nog werk benodig maar die basiese struktuur behoort teen die tyd in plek te wees
- Jou onderwyser sal nou punte toeken op jou vordering in die **LU 1 PAT TAAK 5 (Leeruitkoms 1 = choreografie en improvisasie / PAT = Uitvoerende Assesseringstaak) al is dit nog nie voltooi nie**

***Jy sal op die PROSES van jou choreografie geassesseer word , NIE DIE FINALE PRODUK nie. Dit sal eers gebeur as jy jou finale eksterne praktiese eksamen aflê. Wees bedag dat die drie PAT'e wat jy deur die jaar doen, deel van jou finale punt vorm.***









GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

Dit is 'n opsommingsblad vir leerders om te gebruik vir beplanning van hulle choreografie.



## Hoe om navorsing vir Choreografie/Komposisie aan te pak

Daar word van leerders verwag om navorsing oor die drie jaar van die opleidingsprogram te doen: Graad 10 -12. As opvoeders moet ons onself die vraag afvra waarom ons die vaardigheid onderrig. Is dit bloot om inligting te herhaal uit 'n bron, of is dit om die leerder leiding te gee om te ontdek hoe om inligting te bekom, selekteer wat nodig is en te gebruik? Dit is 'n kritieke area van ontwikkeling vir die leerder om sy eie 'stem' te vind. In baie skole is toegang tot rekenaars, biblioteke en bronne baie beperk en as gevolg hiervan het baie leerders beperkte kennis van die media, wat 'n baie belangrike en kragtige hulpmiddel kan wees.

Navorsing is 'n essensiële deel van die beplanning en voorbereiding van choreografie. Die tema van die leerder se choreografie vereis navorsing. Dit gee die leerder geleentheid om sy eie mening te staaf. Baie van die leerders se verwysingsraamwerk is beperk. Toegang tot die Internet laat hulle toe om hulle raamwerk te verbreed en hulle lewens te bevorder.

Die opvoeders het 'n verantwoordelikheid om die leerders te onderrig in hoe die Internet hulle kan bemagtig. As biblioteke en ander bronne nie beskikbaar is nie, is toegang tot die Internet 'n magtige hulpmiddel. As leerders eers hierdie ontdekking gemaak het, is dit moeilik om hulle te stop. **Opvoeders behoort hulle stem dik te maak en vir hierdie fasiliteit te veg as dit nie by die skool beskikbaar is nie**.

Maar hoe dit ookal sy, blootstelling aan die Internet is nie voldoende nie. Jy sal ook aan die leerders die elementêre beginsels van die gebruik van die rekenaar, hoe om teks op die rekenaar te plaas en die nodige effek te kry, moet leer. As leerders die basiese begrippe toon sal hulle verder self ontwikkel. Onthou dit is 'n tegnologiese gevorderde generasie van tieners wat ons voor klas gee en in 'n kort gegewe is hulle ons voor en deel inligting met mekaar. Hierdie is ook 'n vorm van bemagtiging en selfversekering wat nodig is vir leerders wat graag wil reageer op die idee om onderrig te word.



GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

# AFDELING 4: PRODUKSIE

'n Uittreksel van die LPR, wat die belangrikheid van die insluiting van die elemente in die kurrikulum uitlig:

'In die verlede is die bemarking van dans selde ingesluit in die studie van dans. Opvoeders behoort dit in te sluit in die leerprogram deur leerders se deelname te fasiliteer in die beplanning en produsering van 'n opvoering. Moedig leerders aan om ondernemend te wees, entrepreneurskap aan die dag te lê en inisiatiewe te ontwikkel om die werk te bevorder. Deur dit te doen, sal hulle 'n begrip ontwikkel van die opleidingsmoontlikhede en loopbaanmoontlikhede in die bedryf.'

Dit is belangrik dat hierdie gedeelte van die kurrikulum nie tot Graad 12 gelaat word nie, maar eerder ontwikkel word deur die drie jare van VOO, deur gebruik te maak van die voorgestelde inhoud in die LPR as 'n riglyn. Dit word aanbeveel dat hierdie assesseringstandaarde wat die onderrig van produksielemente uitlig, deur die loop van die jaar geïnkorporeer word in die drie Praktiese Assesseringstake (PATe).

Hierdie module van die kurrikulum is duidelik baie nou verwant aan choreografie. Sonder 'n ingeligte agtergrond van hierdie elemente, kan 'n leerder nie hul idees na die hoogste moontlike vlak neem nie. Uitvoeringselemente sluit in: musiek/begeleiding, beligting, opvoering, agtergronginkleding (scenery), rekwisiete, kostuums, bestuur, bemarking, beplanning en koördinering van 'n produksie.

**Ontwerp van 'n program**
Die een bladsy program wat vir die PAT voorgelê moet word, aan die einde van die finale eksamen met elke Graad 12 choreografie, is 'n belangrike instrument in die oordra van 'n eenvoudige riglyn of verduideliking vir die leerder se kreatiewe werk. Net omdat dit net in Graad 12 verwag word, moet dit nie net tot dan gelaat word vir die leerders om hul eerste program  aan te bied nie. Dit is een van die eerste indrukke vir die eksaminators en is dus noodsaaklik dat dit goed aangebied word.

Eerstens moet dit die basiese feitelike inligting bevat:

- naam van die choreografie
- naam van die choreograaf
- name van die dansers
- titel en komponis van die musiek

Benewens hierdie, gee dit 'n kort oorsig oor dit wat die danswerk geïnspireer het, of die tema wat gedek word. Dit mag in die vorm van 'n kort synopsis of storie wees. Die stuk is dalk geïnspireer deur gedig of 'n prent. Dit kan veral bruikbaar wees om die betekenis van die stuk te verklaar. Weereens is dit nie 'n een stap proses wat die leerders op hul eie kan bereik nie. Hulle moet deur die beplanning en produksie van hulle programme gelei word. As hulle 'n synopsis skryf, moet dit gekontroleer en versterk word, voordat die finale program goedgekeur word. Maak seker dat die motivering wat hulle gebruik het of die motivedring wat hulle van hulle program gegee het, pas by die die choreografie wat hulle produseer. Stel leerders ook bloot aan professionele opvoeringstandaarde.

Hieronder is een voorbeeld van hoe hierdie een bladsy program aangebied kan word:

## *Choreografeerder: Emjorithea Festus*



Ek is agtien jaar oud. Ek dans nou vir 3 jaar en wil graag aanhou daarmee in my vrye tyd wanneer ek skool verlaat. Dans het my dissipline geleer en hoe om ander te respekteer. Ek wil drama studeer wanneer ek klaarmaak met skool.

## Die kinders wat nooit sal wees nie…



Hulle lyk so jonk,
So onskuldig soos wat hulle lê en slaap
So styf vasgehou, met hulle gesigte uiteindelik
skoongevee van kommer. Amper behaaglik,
half toegegooi in lappe op hul sementbed
Maar hierdie rustigheid sal binnekort eindig
wanneer die slaap van hul oë verdwyn sal dit pyn
en hartseer wys
Hul eensaamheid net gevoed
deur die omhelsing wat hul by mekaar vind

**Musiek**:
Jesus by die tafel – Felix Leband

**Dansers**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lesley-Anne Skei | (Gr. 11) | Emerentia Ramons | (Gr.5 |
| Denecia Markus | (Gr. 11) | Edwina Brown | (Gr.5) |
| Albertina Ginqini | (Gr. 12) | Geneva Cloocloo | (Gr. 5) |
| Chevon Bekeur | (Gr. 12) | Anelda Rens | (Gr.5) |
| Chanice Andrews | (Gr. 10) | | |



GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

# Graad 10 Produksie

Die voorgestelde inhoud vir Graad 10 sluit die ontwerp van advertensiemateriaal vir 'n opvoering in, sowel as die organisering van repetisieskedules. Hieronder is voorbeelde van hoe hierdie vereistes ingesluit kan word in 'n PAT.

Hierdie opdrag kan saamgestel word met hul solo komposisie (Assesseringstandaard 10.1.2), sodat hul, hul eie danswerk adverteer. Dit beteken ook dat die leerder bewus moet wees van die inhoud of tema van hul danswerk, ten einde dit op die plakkaat te kan weergee.

**Assesseringstandaard** 10.1.4: Demonstreer die vermoë om tyd effektief te bestuur



'n Belangrike deel van alle opvoerings in die voorbereiding vooraf. 'n Dansstuk vereis baie ure se repetisietyd. Dit sluit ook al die ure in wat spandeer word om die stuk op die verhoog te bring en te verseker dat die beligting en kostuums geskik is vir die verhoog.


Dit is jou opdrag om die repetisieskedule te organiseer, ter voorbereiding van jou duet. Jy moet genoeg repetisietyd insluit om die stuk te skep, om dit in te oefen en dit af te rond. Al die ekstra repetisies nader aan die opvoeringsdatum moet ingesluit word, soos die beligting en kostuumrepetisies, sowel as enige  ander wat jy dink nodig mag wees.

Jou repetisieskedule moet redelik wees en die werklike repetisies reflekteer wat jy georganiseer of bygewoon het. Dit moet rondom die skooldag opgestel word – beide gedurende skooltyd en daarna. Stel die repetisies op A4 papier voor.  Sluit alle datums, tye en lokale in vir repetisies. Gebruik 'n formaat wat jy dink die skedule vir die dansers mees effektief oordra.

**VERWAGTE  DATUM**: .......................................

Hierdie opdrag is aan die duet verbonde (Assesseringstandaard 10.1.2. en 10.1.3) wat van hulle verwag word om te choreografeer en wat hulle praktiese ervaring gee om met 'n maat te werk en hul tyd te bestuur.

**'n Voorbeeld van die buiteblad van 'n voubiljet/pamphlet**




# Graad 11 Produksie

***Graad 11 Assesseringstandaard***
*11.1.4 Ons weet dit wanneer die leerder die vermoë toon om 'n dansproduksie te beplan en te bemark*
**Voorgestelde inhoud** (Organiseer die opvoering deur)
- die repetisieskedule vir groepe en danse met maats saam te stel
- om produksieskedules soos die bespreking van lokale, die reël van kaartjieverkope, plekaanwysings op te stel
- om bemarkingstrategieë en materiaal soos pamflette, 'n koerantadvertensie, 'n plakkaat of uitnodiging te ontwerp

Graad 11 vereis meer betrokkenheid in die organisasie van 'n produksie as 'n geheel. Dit is 'n perfekte geleentheid om die leerders vir Graad 12 voor te berei, waar hulle verantwoordelik kan wees vir hul eie produksies. Hierdie assesseringstandaarde behoort, weer eens, in die PATe geïnkorporeer word.

**Assesseringstandaard** 11.1.4 Ons weet dit wanneer die leerder die vermoë toon om 'n dansproduksie te beplan en te bemark.



**Opdrag 1**:
Jou opdrag is om rekord te hou van die repetisieskedule van jou duet in Afdeling 2. Dit is jou verantwoordelikheid om hierdie skedule op te stel, aangesien repetisies vir jou choreografie vereis word. Merk hierdie skedule af op 'n A4 vel papier en sluit alle relevante inligting in. Hierdie repetisieskedule moet realisties wees volgens jou konflikskedule en dit moet genoegsame repetisies insluit om 'n goed-gerepeteerde stuk werk in te sluit.

**Opdrag 2**:
Daar word van jou verwag om 'n produksieskedule op te stel vir die hierdie opvoering asof dit by 'n teater opgevoer gaan word. Dit vereis dat jy 'n realistiese tydskedule sal gee van al die dinge wat beplan en voltooi moet word voordat 'n produksie op die verhoog kan gaan. Jy moet die detail van elke area insluit. Jy moet ook 'n tydlyn aanbied van al die beplanning en gebeurlikhede wat voor die produksie plaasvind, wat ook aantoon wanneer elke item beplan en uitgevoer moet word. Sluit die volgende areas in jou produksieskedule in:

| | |
|---|---|
| Repetisielokaal: | - huur van die lokaal<br>- koste van die lokaal |
| Opvoeringslokaal: | - oorweeg die grootte van die opvoering en die grootte van die dans<br>- oorweeg die koste van die lokaal<br>- oorweeg hoeveel mense in die gehoor dit kan neem |
| Musiek: | - het jy musiek gekry?<br>- het jy toestemming nodig vir die musiek?<br>- moet jy dit sny en op 'n cd opneem? |

Kostuums, rekwisiete, beligting en grimering:
- hoeveel kan jy bekostig om te spandeer op elk van hierdie items?
- beplan elke item wat jy benodig
- wie is verantwoordelik vir elk van hierdie areas, bv. wie gaan die kostuums maak?

Bemarking:
- hoe gaan jy jou produksie bemark?
- watter metodes gaan jy gebruik, bv. plakkate?
- wie gaan jou advertensiemateriaal maak?
- hoeveel gaan dit kos en hoe gaan jy daarvoor betaal?
- wanneer moet jy begin adverteer?

Fondswerwing:
- hoeveel is nodig om in hierdie opvoering te sit?
- hoeveel gaan jy vir kaartjieverkope ontvang?
- op watter ander maniere gaan jy geld verkry om jou opvoering te befonds?

Dag van die opvoering:
- hoeveel mense gaan jy benodig om te help by die lokaal op die aand?
- hoeveel moet jy hulle betaal?
- wat gaan elkeen doen?

NB: Onthou dat jy moet beplan wanneer elkeen van hierdie dinge voltooi moet word en bied dit aan op jou tydlyn. Byvoorbeeld, lokale wat vooruit bespreek moet word.

VERWAGTE DATUM ..............................................

'n Nuttige instrument om die leerders in te lig oor die verskillende rolle wat aanvaar word binne die organisering van 'n dansproduksie, is die lys van produksierolle in die Graad 12 FOKUS van die Dansstudies handboek, p 90.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

Hierdie opdrag gee hulle teoretiese kennis van wat vereis word om 'n dansproduksie te organiseer en hoe om dit uit te voer. Die opvoeder moet die leerder ondersteun deur die opdrag, waarskynlik deur aan hulle progressiewe verwagte datums te gee, soos wat jy tydens die beplanning elke afdeling met hulle bespreek en daardeur gewerk het. Dit is egter beter dat hierdie teoretiese aspekte individueel gedoen word, om te verseker dat alle leerders 'n begrip verkry van die produksie elemente. Hierdie opdrag is aan die duet of dansgroep verwant (Assesseringsstandaard 11.1.1.2 en 11.1.3), wat hulle moet choreografeer.

Die voorgestelde inhoud vir Produksie-elemente in Graad 11 sluit ook die ontwerp van bemarkingstrategieë en - materiaal in. Die bemarkinstrategieë is in bogenoemde taak ingesluit, hoewel daar ook van die leerders vereis word om die bemarkingsmateriaal wat hulle beplan om te gebruik, te ontwerp. Dit kan ingesluit word as deel van die opdrag hierbo, of dit kan gekombineer word met 'n ander PAT, soos die inheemse Dans of Groep en Solo Danse. Hieronder is twee voorbeelde van so 'n opdrag.



**Asseseringstandaard**: 11.1.4: Ons weet dit is so wanneer die leerder die vermoë toon om 'n dansproduksie te bemark en te beplan.

Daar word van jou verwag om die uitnodiging aan die Prinsipaal te ontwerp, wat hom/haar uitnooi na 'n opvoering van ___________________________.
Die uitnodiging moet al die relevante inligting oor die opvoering insluit, wat die gaste in kennis stel waar, wanneer en wat sal plaasvind. Verseker dat jou uitnodiging goed en aantreklik aangebied word, ten einde seker te maak dat die Prinsipaal die vertoning graag sal wil bywoon.

VERWAGTE DATUM …………………………………………



**Assesseringstandaard**: 11.1.4: Ons weet dit wanneer die leerder die vermoë toon om 'n dansproduksie te bemark en te beplan.

Daar word van jou verwag om 'n advertensie vir 'n koerant te ontwerp om jou opvoering van ___________________________________ te adverteer.
Verseker dat jou advertensie duidelik en goed aangebied is, sowel as dat dit die oog vang, ten einde mense na jou dansopvoering te trek. Dit moet al die relevante inligting bevat, soos die naam van die opvoering, die lokaal, die datum, tye en prys asook waar om die kaartjies te koop. Maak seker dat die advertensie inligting aan die publiek oordra oor die inhoud van jou opvoering, sodat hulle 'n idee het waaroor jou werk gaan.

VERWAGTE DATUM: …………………………………………

# Graad 12 Produksie

*Graad 12 Assesseringstandaard*
*12.1.4 Ons weet dit wanneer die leerder die vermoë toon om 'n dansproduksie te beplan en te bemark, insluitend die begroting, organisasie en multi-faset advertering*

**Voorgestelde inhoud**
- definisie van die rol van mense betrokke in 'n produksie van 'n dansopvoering
- skep van bemarkingstrategieë, wat elektroniese en drukmedia mag insluit, en die ontwerp van bemarkingmateriaal, bv. plakkate, programnotas, kaartjies, persvrystellings, media advertensies, promosie padvertonings (roadshows)
- ontwikkeling van begrotings wat inkomste, uitgawes en algemene begrotingsuitleg insluit, asook die opstel van 'n fondswerwingsvoorstel

Graad 12 is 'n samestelling van alles wat hulle geleer het gedurende Graad 10 en 11. Alle Graad 12 leerders behoort aktief betrokke te wees in die voorbereiding van die produksie van hul choreografieë en moet toegelaat word om die satisfaksie te voel van die samevoeging van al die modules wat hulle oor die drie jaar se opleidingsperiode (Graad 10 -12) bestudeer het, in hierdie finale aanbieding van hulle sukses.

Dit word aanbeveel dat die finale Graad 12 choreografie as 'n openbare opvoering aangebied word vir portuurgroep (peers), vriende en familie. Dit is a noodsaalike deel om aan die choreografie die volle betekenis en erkenning te gee. Choreografie is bedoel om gesien en waardeer te word deur 'n gehoor, aangesien die leerder iets het om te vertoon.



**Produksiebeplanning**:

As 'n Graad 12 klas, sal jy jou danswerk aan jou vriende en familie as 'n vertoning aanbied tydens die tweede termyn. Gedurende verlede jaar het jy 'n produksieskedule saamgestel. Jy moet hierdie inligting gebruik om 'n regte produksie aanmekaar te sit.

Daar word van jou verwag om 'n produksieskedule vir hierdie vertoning op te stel. Hoewel jy een vertoning as 'n groep sal beplan, moet elke individu 'n portefeulje aanbied van al die beplanning waarvoor jy verantwoordelik was. In die groep moet elke leerder 'n rol toegesê word en verantwoordelikheid gegee word. Maak seker dat iemand as produksiebestuurder en iemand as sekretaresse aangestel word, om rekord te hou van alle vergaderings en beplanning wat bespreek word tydens hierdie vergaderings. Elke individu is verantwoordelik vir hul eie kostuums.

In elke leerder se portefeulje vir choreografie moet die volgende ingesluit wees:
- Al die beplanning vir die opvoering waarvoor jy verantwoordelik was
- 'n Een bladsy program, wat die inligting oor jou eie danswerk insluit, sowel as die titel, jou naam, die dansers se name, musiek en 'n kort synopsis
- 'n Begroting vir jou dansstuk, insluitend kostes soos kostuums en grimering

Jy sal jou portefeulje vir die klas aanbied as 'n mondeling, waarin jy jou dansstuk en jou begroting sal verduidelik.


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

**Aangesien jy in 'n groep werk, moet jy seker maak dat elkeen volledig bydra en deelname toon aan die beplanning en vergaderings, want as een persoon nie sy volle gewig ingooi nie, sal die projek nie 'n sukses wees nie.**


**Onthou dat dit 'n werklike lewende opvoering is wat jy vir die publiek sal aanbied, so maak seker dat dit goed georganiseer is, sodat julle nie julself of die skool in die verleentheid stel nie.**

**DATUM VAN OPVOERING: 'n Datum sal deur die onderwyser vasgestel word**


Die opvoeder moet steeds dwarsdeur die proses aktief betrokke wees met die leerders. Hulle kan nie alleen gelaat word om hierdie produksie aan te bied sonder enige leiding en hulp nie. Die opvoeder moet by alle repetisies en produksievergaderings teenwoordig wees om te verseker dat die proses op die regte pad is. Maak seker dat jy verwagte datums stel dwarsdeur die proses. Die finale opvoering kan of in die tweede of derde kwartaal plaasvind, voor die finale eksamen van hierdie choreografiewerk. Dit laat ook tyd toe vir die verbetering en ontwikkeling van die leerders se choreografie, na afloop van die openbare opvoering.

Saam met die praktiese choreografie vorm dit een van die PATe vir Graad 12, wat die Assesseringstandaard 12.1.4 voltooi.

'n Voorbeeld van 'n plakaat



# ‘n Opsomming om die leerder met die proses en aanbieding van hul choreografie by te staan



**Choregrafie: Van Ateljee tot Uitvoering**
Hierdie is ‘n gids om jou by te staan met die aanbieding van jou choreografie

***1. Samestelling van ‘n Span***

Die artistieke rolle van ‘n dansproduksie sluit in: die choreograaf en dansers, die stelontwerper, die kostuumontwerper, beligtingontwerper, en die komponis en musikante.
Die logistieke rolle sluit in: die produksiebestuurder, die tegniese direkteur, die administrateur en die uitgewer.
Almal wat in die produksie betrokke is, moet **‘n geskrewe kontrak kry.**
**‘n Kontrak verskaf ‘n struktuur, riglyne en verwagtinge.** ‘n Kontrak of brief van ooreenkoms verseker dat alle deelnemers ooreengekom het oor hul **rolle en verantwoordelikhede**, voordat ‘n projek ‘n aanvang neem.
Spanwerk en leierskap is noodsaklik. Individue moet in staat wees om duidelik te kommunikeer en moet self gemotiveer, gedissiplineerd en ondersteunend wees teenoor hul kollegas.

***2. Finansiering van die Projek***

Die eerste stap in die finansiering van ‘n projek is om ‘n begroting te skep. Ten einde vir die onkostes te kan betaal, moet ‘n inkomste gegenereer word. Om die nodige fondse te verkry, kan kunstenaars en maatskappye ‘n hele aantal verskillende benaderings hê, soos:
Om as gasheer op te tree vir ‘n motorhuis- en vaardighede verkopings, loterye en spesiale aanbiedings (events)
Om mense te nader vir bydraes

***3. Die opstel van ‘n skedule***

Goeie beplanning is essensieel vir enige opvoering. Die **skep van ‘n lys** help om te verseker dat niks gemis word nie.
Items sal in verskeie kategorieë val. Byvoorbeeld:
- Organiseer ‘n repetisieskedule
- Vind ‘n lokaal vir die repetisies en die produksie
- Ontmoet die tegniese span om die beligting en klank, ens. te reël
- Organiseer hoe jy jou produksie gaan bekendstel
- Organiseer die verkope van kaartjies in die voorportaal, verversings, ens.
- Delegeer take om jou by te staan met die afsnydatums
- Leer om probleme op te los!

***4. Bespreking van die Lokaal***

Daar is baie verskillende lokale waarin danse aangebied kan word. Jy moet jouself nie net tot ‘n verhoog beperk nie. Wees kreatief en dink buite die boks. Probeer ‘n onkonvensionele area, soos die skool se toesluit kasarea (locker rooms), of ‘n gang.



***5. Die bekendstelling van die Opvoering***

Hierdie voorstelle sal jou bystaan in jou bekenstelling van jou opvoering.

Die eerste en belangrikste is, jy moet jou teikengehoor identifiseer.

**Word of mouth** is besonder waardevol

Stuur **e-pos of e-bulletins**

Skep **plakkate en strooibiljette**. Dit moet die volgende inligting bevat:

- ‘**n Beeld** (image – ‘n foto of ‘n grafiese voorstelling) wat iets oordra van die styl of inhoud van die gebeurtenis (event)
- Naam van die gebeurtenis (event)
- Datum(s)
- Tyd(e)
- Plek
- Kaartjiepryse
- Name van die choreograaf en die hoof samewerkers en
- Groot borge en finansierders van die gebeurtenis (event)

Die **program** is ‘n finale kommunikasie instrument voor die opvoering. Dit voorsien ingligting oor die opvoering en gee erkenning aan al die kunstenaars, logistieke en finansiële bydraers.

Bibliografie: Uittreksels vanaf Arts Alive - Kanada



GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

**Bylae A : Bronne**

Hierdie boeke en bronne is beskikbaar van Edulis Biblioteek in die Weskaap, waarvan alle opvoeders gratis lid kan word. Die kontaknommer vir die biblioteek is 021 957 9618. Die biblioteek is in Bellville, maar hulle lewer ook boeke en bronne plaaslik af, op versoek.
Neem 'n bietjie tyd om deur hierdie lys te gaan, aangesien daar baie waardevolle onderriginstrumente beskikbaar is. Ander biblioteke sal addisionele boeke hê.

| No. | Titel | Outeur | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| 1 | Aproaches to choreography: A resource pack for educators based on the cheoregraphy of Christpher Bruce | Lorna Sanders | Nie beskikbaar nie |
| 2 | Be a winner!: run your own business and make lots of money | Eric Parker with Kurt Illetschko | Hierdie inspirerende boek handel oor die opstel van 'n besigheid. Dit bevat bruikbare inligting en wenke vir die praktiese implementering van besigheidsplanne en doelstellings. Die 12 hoofstukke dek aspekte van entrepreneurskap soos: spanbou; finansiering; 'n besigheidsplan; infrastruktuur en beelding, diens; bemarking; agentskappe; persoonlike ontwikkeling; handelsmerk bou; etiek; en uitbreiding |
| 3 | Body Talk | Nigel Nelson | Uitdrukkings en gebare kan dikwels oordra hoe 'n persoon voel, en dit help om sake op te klaar. Mense sowel as diere gebruik liggaamstaal om inligting deur te gee. Hierdie interessante boek bespreek hoe verskeie tekens, liggaamsversierings,klere, tekens en dansvorms 'n rol kan speel in die kommunikasie van boodskappe sonder woorde. Leerders sal dit geniet om die maklike en stimulerende aktiwiteite uit te voer. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *4* | Building more dances: blueprint for putting movements together | Susan McGreevy-Nichols, Helene Scheff, Mary Sprague | Nie beskikbaar nie |
| *5* | Changing steps: a resource pack for educators, based on Merce Cunningham's choregraphy | Lorna Sanders | Nie beskikbaar nie |
| *6* | Choregraphy: a basic approach using improvisation | Sandra Cerny Minton | Los algemene probleme in choreografie op, ontwerp en fatsoeneer bewegings tot 'n dans,en organiseer 'n konsert met choreografie: 'n Basiese benadering |
| *7* | Dance into Schools Unit B (video) | | 'n Outydse jazz dans word gedemostreer deur die Juving Lidy Hoppers company. Leerders tussen 9-11 word dan geleer hoe om te jive. Teen die einde van die program is daar 'n ander demonstrasie van jive deur die groep |
| *8* | Dance into Schools Unit C (video) | | Ons sien die Adzizo Pan African Dance Ensemble wat verskeie danse van Afrika opvoer. Hierna leer die dansinstrukteur leerders van verskeie nasionaliteite hoe om sommige van hierdie danse te doen. Hy begin deur hulle ritme te leer |
| *9* | Dans met 16-19 jariges. Eenheid D –kontemporêre dans (video) | | Saam geneem, maak die vier eenhede 'n prentjie van 'n tipiese weeklikse dansprogram by 'n VOO kollege. Elkeen van die werkswinkels wat vertoon word, word voorafgegaan en opgevolg deur 'n stuk choreografie wat 'n direkte resultaat van dansstyl en die aanbied van die werkswinkel is, in hierdie geval kontemporêre dans |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *10* | Dansontwerp: Ruimte (space) (video) | | Die definiëring en beskrywing van die ruimte (spasie) wat die leerders omring, soos hulle binne hul omgewing beweeg |
| *11* | Dansontwerp: Beweging (video) | | Probleem oplossing word aangebied as een van die belangrike maniere om 'n kinestieke woordeskat op te bou, om 'n kontinuïteit van bewegingsbeelde en ontwerpkonsepte te verhoog |
| *12* | Dansontwerp: Vorm en Tyd (video) | | 'n Studie van hoe die leerder beweeg, deur gebruik te maak van die waarde van tyd, versnelling, vermindering van snelheid, voorsiening van aksent en visuele frasering, opneem van spasie en wegneem daarvan, word gedemonstreer |
| *13* | Dance composition: a practical guide for educators | Jacqueline M Smith-Autard | Nie beskikbaar |
| *14* | Dance education tips from the trenches | Cheryl M willis | Daarstelling van klasreëls – Bestuur jou klas – Skep 'n dansspasie – Beplan en organiseer jou klasse – Grade, assesserings en rubrics – Jou rol as a dansopvoeder-Die kreatiewe proses: Die idee – Die proses hou aan: opvoering-Dansopvoeding vir ouers en die fakulteit - Die dansgehoor |
| *15* | Dance about anything | Marty Sprague, Helene Scheff, Susan McGreevy-Nichols | Lesplanne – Tematiese benadering – Geïntegreerde aktiwiteite |
| *16* | The Knowing Body: elements of comtemporary performance and dance | Louise Steinman | Sluit materiaal van Trisha Brown in |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *17* | Let's Look at dance: using professional dance on video | Linda Rolfe and Mary Harlow | Nie beskikbaar nie |
| *18* | Music and Me: Rhythm (video) | | Ritme is die polsslag in musiek. Hierdie punt word geïllustreer d.m.v. klopdans (tap dance) en moderne dans. Die term "measure" en "meter signature" word verduidelik |
| *19* | No handicap to dance: creative improvisation for people with and without disabilities | Gina Levete | Nie beskikbaar nie |
| *20* | Perpetual motion: creative movement exercises for dance and dramatic arts | Janice Pormer | Nie beskikbaar nie |
| *21* | Teaching creative movement | Johanna Exiner, in collaboration with Phyllis Lloyd | Nie beskikbaar nie |
| *22* | Teaching creative dance: a handbook | Jennifer van Papendorp and Sharon Friedman | Suid Afrikaanse gids en ondersteuning vir onderwysers en dansonderwysstudente oor die onderrig van Kreatiewe Dans, van voorskool tot tersiêre vlak |
| *23* | Teaching movement and dance: a sequential approach to rhythmic movement | Phyllis S Weikert | Nie beskikbaar nie |
| *24* | That way and this: poetry for creative dance | Chosen by Frances Baldwin and Margaret Whitehead | Nie beskikbaar nie |


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)

## Bylaag B: Verwysings


Anderson Sofras, P. (2006) *Dance Composition Basics*. USA: Human Kinetics

Erkert, J. (2003) *Harnessing the Wind: The Art of Teaching Modern Dance*.
USA: Human Kinetics

Fourie, D., Frege, I., Scarborough, T., (2007) *Focus on Dance Grade 12*. Cape Town:
Maskew Miller Longman

Lindsay, M and van Papendorp, J. (2005) Learning station Arts and Culture Grade 9
Learner's book: Dance. Cape Town: Nasou Afrika

Minton, S. N. (2007) *Choreography: A basic approach using improvisation*.
USA: Human Kinetics

Shafranski, P. (1985) *Moden dance. Twelve creative problem-solving experiments.*
USA: Scott, Foresman and Company

Slomowitz, I. (2008) *Touching the Earth*. Cape Town: New Voices Publishing

Van Papendorp, J. and Friedman, S. (1007) *Teaching Creative Dance: A handbook*.
Cape Town: Kwela Books.

http://www.artsalive.ca/en/dan/make/studio/team/asp
http://curriculum.pgwc.gov.za/resource files/32130133 LPG DANCE STUDIES 2008.pdf
http://curriculum.pgwc.gov.za/resource files/3214325 32114041 Dance Studies.pdf

**Bylaag C: Lesidees in alfabetiese volgorde**

**B**
Bestuur van Graad 12 Choreografie/Komposisie
Bewegingsfrases en motiewe.  Graad 10

**G**
Gebruik gedrukte media om Choreografie/Komposisie te ontwikkel.  Graad 11
Gebruik 'n Bal.  Graad 11

**H**
Hoe om woordkuns te gebruik.  Graad 11

**I**
Improvisasie in onkonvensionele ruimtes.  Graad 12
Innoverende wyses van komposisie.  Gebruik eie stories.  Graad 11

**K**
Krag.  Graad 10

**M**
Merce Cunningham.  Graad 12
Musiek.  Graad 12

**N**
Negatiewe spasie/ruimte.  Graad 10

**O**
Ontwerp in ruimte.  Graad 10
Ontwikkeling van nuwe beweging.  Graad 10


GEEN HERVERKOPE | Eksklusief te verkoop by Edumedia (WKOD)